

HOOFSTUK 6

DIE FUNDAMENTELE BOUSTENE IN DIE NOVELLES BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE EN KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA

6.1 BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE

6.1.1 Verhaalinhoud

BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE is Moroke se vierde novelle wat hy skryf. Die verhaal handel oor die karakter Daniel Moepamere. Hy is iemand wat nie wou aanvaar dat hy oud word en foute het nie. Hy verlaat sy vrou, kinders en familie vir 'n jong meisie genaamd Jabulani. Vir dertig jaar voer hy 'n sukkelbestaan in die dorp Inanda in Natal. Na 'n paar duidelike waarskuwende gebeurlikhede kom Moepamere tot die besef dat hy na sy eie mense en familie moet terugkeer.

Met sy reis huiswaarts word hy getref deur verskeie probleme. Hy word onder andere gevange geneem deur vier rowers wat hom baie mishandel voordat hy eindelijk vrygelaat word. Hierdie terugkeer ruk Moepamere terug tot die harde werklikheid van die lewe. Hy besef dat hy oud is en die lewe by hom verbygesnel het. In sy tuisdorp sien hy na jare weer sy vrou en kinders. Op toevallige wyse vind hy uit dat sy eie seun een van die rowers was wat hom aangerand het en 'n misdadiger is. Na Phiriebolailwe se ongeluk besef almal dat hulle op een of ander wyse deel gehad het aan die verbrokkeling en mislukking in hul lewens. Moepamere word weer in die huisgesin aanvaar en man, vrou en kinders is weer verenig.

6.1.2 Die fundamentele kenmerke van die verhaal

6.1.2.1 Gebeure


Soos die naam van die werk aandui, handel die gebeure oor die stryd tussen die jeug en die ouderdom. Moepamere is die karakter wat midde in die

gebeure staan. Op veertigjarige **ouderdom** probeer hy nog optree soos 'n jeugdige. Hy is nie net in konflik met homself nie maar kom ook dwarsdeur die gebeure in konflik met **ander** mense. Hy verlaat sy vrou en kinders vir die jong meisie Jabulani. In Durban is hulle liefdesromanse van korte duur. Na ses maande van rondloop en ledigheid in sy skynbare jeugskap, word hy deur Jabulani se moeder weggejaag. Moepamere gaan woon naby Inanda waar hy baie jare van sy "**jeug**" sou deurbring. Hier in Inanda begin die noodlot Moepamere ry. Eers raak sy klere aan die brand terwyl hy slaap en beland hy in die hospitaal. By sy terugkeer vind hy uit dat een van sy huismure ingeval en al sy besittings vernietig is. Wanneer hy weer 'n dag by die huis kom, vind hy 'n dooie swart kat op sy bed. Moepamere besluit om 'n toordokter te gaan sien. Die toordokter sê aan hom dat die **tekens** daarop dui dat hy na sy familie moet terugkeer. Voordat hy egter **terugkeer**, val hy van sy huis se dak af en beland vir drie weke in die hospitaal.

Na dertig jaar besluit Moepamere om na sy mense te gaan. Op sy terugreis kom Moepamere te staan voor baie probleme. Dit sou op die eerste terugreis wees dat hy besef dat sy **jeugdae** jarelank reeds verby is en hy in 'n waan gelewe het. Dit is duidelik dat Moepamere, alhoewel hy hom jonk hou, nie tred gehou het met die werklike ontwikkeling van die moderne tyd nie. Eerstens weet hy nie dat hy moet plek bespreek vir so 'n lang rit nie, en tweedens klim hy op die eerste trein wat op Germistonstasie aankom. Hy word gou deur die **kaartjiesondersoeker** daarop gewys dat hy op die verkeerde trein is. Vanaf Vereeniging probeer Moepamere sy pad te voet vind. Hy word egter in die nag deur vier jongmans aangeval en agter in 'n motor gegooi waarna hy vir ure tussen 'n klomp bagasie moes lê. Wanneer hy uitgehaal word, word hy bewusteloos geslaan en feitlik sonder klere agter 'n bos gelaat. Hy word deur die dorpsinwoners van Makolokwe versorg en verpleeg totdat hy sterk genoeg was om na Bethanie te reis. Wanneer hy in Bethanie aankom, verwek hy opskudding deurdat sy familie reeds seker was dat hy al lankal dood is. Hier sou hy na jare weer sy vrou en kinders sien. Hier sou hy sy eie seun ontmasker as een van die rowers wat hom geslaan en geskop het. Na sy seun se ongeluk besef Moepamere dat hy 'n groot aandeel het in die verbrokkeling van sy huisgesin. Net soos sy eie seun 'n misdadiger geword het weens jeugdige voortvarendheid en onverskilligheid, het hy ook opge=

tree. Die verskil is egter dat hy alreeds 'n groot en verstandige man was wat soos 'n kind opgetree het.

Die gebeure in die werk kan skematies soos volg voorgestel word:



In die oorkoepelende ruimte van die stryd tussen die jeug en ouderdom is daar sekere uitstaande punte wat uitgewys kan word.

- (i) Moepamere verlaat sy mense.
- (ii) Moepamere en Jabulani saam in Durban.
- (iii) Moepamere in Inanda.
- (iv) Noodlotsgebeure met Moepamere.
- (v) Moepamere se terugtog.
- (vi) Moepamere en sy gesin is verenig.

Wanneer Moepamere sy mense verlaat, is dit of hy weer 'n keer sy jeugjare beleef. Hy is gelukkig en alles verloop net ten goede vir hom. Hy het 'n jong meisie aan sy sy, hy het geld en hulle geniet die lewe ten volle:

"Jabulani, moratiwa wa me, re fitlhile fa bofelong jwa lengwe la malatsi a a tlang a tsholetse baša boitumelo. Nna le wena re amogetse boitumelo jo ka diatla tse pedi" (p. 9).

"Jabulani, my geliefde, ons het aan die einde van een van die dae gekom wat blydschap aan die jeug bring. Ek en jy ons het dié blydschap met albei hande aangegryp".

Hierdie toestand is egter van korte duur. Na ses maande van werkloosheid en kommervrye jeugdige lewe in die stad word Moepamere deur Jabulani se moeder weggejaag nadat sy besef dat Moepamere betree nou 'n tydperk waar= in die gebeure hom al meer en meer dwing om te besef dat hy lank reeds sy jeug afgelê het:

"Pelo ya ga Moepamere e ne e le botlhoko. O ne a bona gore o itshenyeditse nako, a fetwa ke matlhogonolo" (p. 28).

Moepamere was hartseer. Hy het besef hy het sy tyd gemors en die geluk verloor.

Net soos sy steeds groeiende ouderdom neem die intensiteit van die gebeure toe hoe verder hy op sy terugtog gaan. Hoe moeiliker sy reis word hoe meer kom hy tot die besef van sy ouderdom:

"O ne a utlwa gore botšofe ga bo a roma ngwana, bo tsile go ene ka nama" (p. 56).

Hy besef dat die ouderdom nie 'n kind gestuur het nie, dit het persoonlik na hom toe gekom.

Wanneer hy van aangesig tot aangesig met die rowers testaan kom, wens hy dat hy jonk was, dan sou hy homself kon verdedig:

"Fa e ka bo e santse e le malatsi ale a boša jwa me, letswele le ne le tla bona tiro. Le ne le tla roba motho ditlhaa, mme..." (p. 56).

As dit in my jong dae was, sou my vuur werk gehad het. Dit sou 'n mens se kakebeen gebreek het maar ...

Uiteindelik kom hy as 'n ou afgeleefde mens met baie beserings in sy tuisdorp aan.

Moroke maak van meer verwickelde gebeure gebruik in die werk. Die gebeure word nie slegs chronologies aan die leser gebied nie. Moroke maak gebruik van terugflitsing en vooruitwysings in die gebeure. Hierdeur word die leser se aandag vir die volle duur van die verhaal behou. Dit is eers in

die laaste hoofstuk dat die volle gebeure en lewe van die hoofkarakter in perspektief en in sy volle konsekwensies gesien word. Moepamere staan midde in die gebeure vanaf die begin van die verhaal maar dit is feitlik eers aan die einde dat deur middel van broksgewys gegewe gebeure, die karakter se hele lewensverhaal aan die leser geopenbaar word.

Binne die sentrale gebeure word die sogenaamde noodlotsgebeure of "deus ex machina" aangetref. Hierdie onverwagte gebeure dui op die draaipunt in die lewe van Moepamere. Hierdie gebeure dwing Moepamere om terug te keer na sy familie. Die sogenaamde een uitgewerkte beweging wat eie is aan die novelle word hier duidelik aangetref. Die gebeure begin met die wegloop van Moepamere totdat dit eindig met die terugkeer van Moepamere na sy mense. Die lewe het 'n beperkte tydsverloop waarin 'n duidelike beginpunt en einde aangetoon kan word. Tussen die twee punte vind daar 'n hele lewe met gebeurlikhede plaas. Moepamere staan aan die begin en aan die einde van die gebeure:

"Go na le dilo tse pedi tse Daniel Moepamere a neng a di ila ..."
(p. 1).

Daar is twee dinge wat Daniel Moepamere gehaat het ...

"Mmadikgetse le bana ba gagwe le bone ba na ba itshwarela Moepamere mme ba mo amogela mo legaeng la bone" (p. 88).

Mmadikgetse en haar kinders het vir Moepamere vergewe en hom in hulle huis aanvaar.

6.1.2.2 Karakters

(i) Hoofkarakter

Moepamere is die hoofkarakter in die werk. Soos reeds aangetoon is, staan hy eerste en laaste in die werk. Dwarsdeur die verhaal word Moepamere te midde van alle gebeure aangetref. Moepamere is ongeveer veertig jaar oud. Twee duidelike kenmerke aangaande sy karakter kom duidelik na vore: Eerstens dat hy glad nie daarvan hou as iemand hom aan sy ouderdom herinner nie:

"O ne a sa rate go utlwa motho a mo gopotsa gore o tšofetse" (p. 1).

Hy het nie daarvan gehou as iemand hom aan sy ouderdom herinner nie.

Tweedens was hy 'n persoon wat nie sy eie foute wou erken nie:

"... e ne e le go utlwa motho a mo tšhwaya diphošo" (p. 1-2).

... dit was wanneer iemand hom op sy foute wys.

Hierdie twee eienskappe van hom gee aanleiding tot die gebeure waarin hy die middelpunt sou wees. Moepamere is duidelik bang vir die ouderdom. Hy probeer sy ouderdom wegsteek deur op te tree soos 'n jeugdige. Alhoewel reeds in sy middeljare, tree hy net so onverantwoordelik en selfsugtig op as 'n kind. Hy los sy vrou en familie vir 'n jong meisie. Hy speel sokker soos 'n jong seun en bring sy dae kommersvry deur sonder om te werk. In Durban is hy 'n verliefde jong man, hy is grootpraterig en vol beloftes wat hy nie kan nakom nie:

"Jaaka makau o ne a itlhaganela go dira ditšholofetšo mme kgarebe ya di bulela sehuba sa yone" (p. 10).

Soos jong mans was hy gou om beloftes te maak en die jong dame het die beloftes aanvaar.

Dit is duidelik dat Moepamere 'n heeltemal ongebalanseerde karakter en persoonlikheid openbaar. Hy lewe in 'n droomwêreld en wil nie die werklikheid aanvaar nie.

Hoe meer hy egter sy jeugskap wil bewys hoe meer word hy deur die samelewing daaraan herinner dat hy oud is:

"Bodibe o ne a itse gore Moepamere ga a rate go utlwa motho a mo tšhwaya diphošo kgotsa a mo gopotsa gore ga a bolo go di ja" (p. 15).

Bodibe het geweet dat Moepamere nie daarvan hou as iemand hom op sy foute wys nie, of hom te herinner dat hy lankal reeds oud is nie.

Die gedagte aan ouderdom maak Moepamere onmiddellik woedend. Die oorreagering is 'n duidelike teken van sy bewustheid van sy eie ouderdom.

Juis omdat hy wil bewys dat hy jonk is, word die mense al meer bewus van sy ouderdom.

As gevolg van die ongebalanseerdheid in sy persoonlikheid is hy eintlik 'n tragiese karakter. Hy probeer homself met die jeug ve-eenselwig maar hulle is duidelik bewus van sy ouderdom. Hy word eintlik 'n voorwerp van spot vir hulle. Hoe meer hy probeer inpas hoe duideliker blyk dit dat hy hier nie inpas nie.

"Susana a re, 'Le nna ke itumetse. Ke tla tsamaya ke na le lekau le le nang le maitseo a mantle'" (p. 38).

Susana sê toe: "Ek is ook bly. Ek sal reis saam met 'n jongman met goeie maniere".

Susana is besig om met hom te spot ten opsigte van sy ouderdom deur hom aan te spreek as "lekau" (jongman). Aan die ander kant wil Moepamere hom nie met sy eie tydgenote assosieer nie. Hy het hier dus werklik ook geen deel nie. Dit is asof hy so 'n tussenganger is. Hy pas nie in by die jeug nie maar ook nie by sy tydgenote nie. Hy is die alleenloper wat nie werklik deel het aan 'n sosiale verband nie.

Moepamere word so vasgevang deur sy eie begeerte om jonk te wees dat hy nie tred hou met die ontwikkeling van gebeure nie. Dit is ironies dat persone wat baie jonger as hy is vir hom by 'n paar geleenthede raad gee ten opsigte van sy naiewe optredes. MmaBodibe kry hom jammer en help hom om uiteindelik met die trein huiswaarts te keer. Op sy huiswaartse reis is dit 'n jong dogter wat hom help om weer die pad te vind:

"Mooki o na a gakolola Moepamere, 'Fa go ntse jaana selo se se molemo ke gore o ikokobetse'" (p. 53).

Die verpleegster het hom raad gegee. "As dit so is, is dit die beste om maar nederig te wees".

Onnatuurlike gebeure dwing Moepamere om aan sy ouderdom te dink en sy eie foute te herken. Die dokter sê aan hom dat hy moet terugkeer na sy mense voordat die ongeluk hom oorval. Alhoewel hy dit nie wil

erken nie, word Moepamere al meer en meer bewus van sy ouderdom.

"Moepamere o ne a gopola ka boitumelo malatsi a monate a boša" (p. 26).

Moepamere het met blydskap aan die lekker dae van sy jeug gedink.

Op p. 32 is die volgende voorbeeld:

"'Ke a gatelesega gore ke boele gae. Ga ke rate go šwela mo lefatsheng leno la seeng'" (p. 32).

"Ek is verplig om huiswaarts te keer. Ek wil nie hier in die vreemde sterf nie".

Sy eie bewustheid van 'n mislukte lewe word geopenbaar wanneer hy moet omdraai, omdat hy nie plek op die trein bespreek het nie:

"E ne e kete a ka lela fa a bona setimela se tswa ka motse wa Durban se ya Teransefale mme se mo tlogela kwa morago a beile diatla mo tlhogong" (p. 40).

Dit was asof hy kon huil toe hy die trein sien vertrek vanaf Durban na Transvaal en dit hom agterlaat, hy plaas toe sy hande op sy kop.

Die sienings van ander persone wys duidelik daarop dat Moepamere lank reeds in sy eie droomwêreld vasgevang is:

"Monkane wa gagwe a re, A motho a ka kgona go fitlha botšofe? Le fa a ka tšwala marukgwe a makhutšhwane, a re o itira mosi=mane, metlhafu e tla bonala e tshwana le menoto ya tsie" (p. 42).

Sy maat sê toe: "Kan 'n mens ouderdom wegsteek? Alhoewel hy kortbroeke kan dra soos 'n seun, sal sy kuite maar bly soos 'n sprinkaan se pootjies" - Alhoewel hy hom jonk hou deur soos 'n jong seun kortbroeke te dra is die ouderdom op sy dun bene sigbaar.

Wanneer hy alleen op sy terugtog in die nag naby Vereeniging is, kom die finale besef by hom op dat hy oud is:

"O ne a utlwa gape gore botšofe ga bo a roma ngwana, bo tsile go ene ka nama. Ga bo a eta, bo tsile go aga" (p. 56).

Hy besef weer dat die ouderdom nie 'n kind gestuur het nie, dit het self na hom toe gekom. Dit het nie kom kuier nie, dit het gekom om te bly.

'n Verdere duidelike besef van ouderdom kom na vore wanneer hy aangeval word deur vier jongmans:

"'Fa e ka bo e santse e le malatsi ale a boša jwa me, letswele le ne le tla bona tiro. Le ne le tla roba motho ditlhaa, mme ... '" (p. 56).

"As dit in my jong dae was, sou my vuur werk gehad het.

Dit sou 'n mens se kakebeen gebreek het, maar ..."

Vroeër het hy homself vereenselwig met jongmense, maar nou spreek hy die jongmense as sy kinders aan:

"'Ke a lo rapela bana ba me'" (p. 61).

"Ek smeeke julle, my kinders".

Wanneer Moepamere sy tuisdorp bereik, is hy oud, afgeleef en in 'n swak fisiese toestand. Sy jeugdae het skielik verander. Moepamere besef dat hy gefouteer het. Sy hele lewe is verby. Hy het nie die lewe aangegryp soos baie ander nie:

"Moepamere o ne a katile, e le motho yo o amogelang dikgakololo le go tšhwaiwa diphošo. O ne a utlwa gore o tšofetse. A re, Ntwa e thata jang e ke sa bolong go e lwa, mme ga se ntwa ya melamu le marumo. Ga se ntwa e e bonwang ka matlho. Mo motshegareng lebala la tllhabano ke sekuba sa me mme mo bosigong mašomo a ntwa a phuthegela mo tlhogong ya me. Ke ntse ke lwa le selo se se tllhamilweng ke Modimo, Mmopi wa dilo tsotlhe" (p. 87).

Moepamere was nou besadig, hy het nou raad aanvaar en kon op sy foute gewys word. Hy het besef hy is oud. Hy sê toe, "Hoe moeilik was die geveg wat ek lankal reeds geveg het, maar dit is nie 'n geveg met knopkieries en spiese nie. Dit is nie 'n geveg wat met die oë gesien kan word nie. Bedags is die

slagveld my bors, en snags versamel die groep gevegte in my kop. Ek het die heeltyd geveg teen iets wat deur God, die Skepper van alle dinge, ingestel is".

Met die woorde het Moepamere homself openbaar en sy foute erken.

Aan die begin van die werk skop hy geweldig teen die prikkels. Hoe verder die verhaal verloop hoe meer bevind hy hom in situasies wat hom op sy foute en ouderdom wys. Die ongeluk van sy seun bring by hom 'n duidelike besef van sy aandeel in die gesinsverbrokkeling. Indirek is hy verantwoordelik vir die verkeerde lewe wat sy seun lei:

"Pelo ya boša e dirile gore ke latlhe legae la me, le bana ba me le mosadi wa me mme ke sale kgarebe, ya Lesula morago, ya nkgogela Natale'" (p. 88).

"My jeughart het veroorsaak dat ek my huis, kinders en vrou verlaat het vir 'n jong Zulumeisie en wat my daarna Natal toe gelok het".

Hy besef nou dat as die boom reeds groot is, is dit baie moeilik om dit regop te buig.

"Moepamere o ne a ithutile gore le mokotla o o kgopameng ka ntlha ya go imelwa ke mokgweleo ya dinyaga tse dintsi tsa botshelo, motho a ka se ka a o otlolola jaaka a ka a otlolola thupa ya morwetlo" (p. 88).

Moepamere het geleer dat 'n rug wat reeds krom is deur die swaar drag van baie lewensjare se druk, nie so maklik reguit gemaak kan word soos 'n rosyntjiebessielat nie.

Moepamere, soos die naam beteken, medisynegrawer, dit wil sê 'n soeker na die goeie, vertoon 'n duidelike ontwikkeling in die werk.

(ii) Ander karakters in die werk

Jabulani is die meisie op wie Moepamere verlief raak. Sy keer te rug na haar ouerhuis en Moepamere volg haar. Jabulani is bewus van sy ouderdom deurdat sy hom "Aubuti Dan" noem. Jabulani gebruik vir

Moepamere totdat sy geld opraak. Sy is die een wat die voorstelle maak en hy volg en betaal maar blindelings.

"Kgarebe yone e ne e itse gore letsele la podi go gangwa le le sisitseng" (p. 7).

Die jong dame het geweet dat 'n mens die bok se speen melk wat vol melk is - Wanneer die geleentheid hom voordoen, moet 'n mens dit gebruik.

Die romanse duur nie lank nie. Jabulani besef gou dat Moepamere beloftes maak maar dit nie nakom nie. Jabulani se moeder jaag hom uit haar huis weg. Jabulani, in teenstelling met haar naam, bring vir Moepamere nie werklike blydschap nie. Die kortstondige romanse tussen hulle was die begin van 'n lang en tragiese lewensverhaal.

Simon Bodibe en sy vrou is groot vriende van Moepamere. Hulle besef baie gou die twee tekortkominge in sy lewe. Simon se vrou probeer hom help om dit te oorkom. By twee geleenthede probeer sy Moepamere daarop wys dat hy nie die werklikheid wil aanvaar nie. Hy word baie kwaad en wil nie luister nie:

"Mmabodibe: a re, 'nkgonne, ke rata go go bolelela selo sengwe se o sa rateng go se bolelelwa. Ga o ke o rata go utlwa motho a re ga o bolo go di ja. Mme motho wa batho, o ka tshabela kae, wa iphitlha gore botšofe bo se ka ba go aparela? Selo sa bobedi se o sa se rateng ke go utlwa motho a go gakolola fa o dirile phošo. Ga o itse gore motho ke motho ka dikgakololo tsa batho ba bangwe'" (p. 32).

Mmabodibe sê toe: "My broer, ek wil vir jou iets sê wat jy nie wil hoor nie. Dikwels wil jy nie hoor dat iemand sê jy is lankal oud nie. En jy arme mens waarheen kan jy vlug en wegkruip sodat jy nie oud word nie? Die tweede ding wat jy nie graag wil hoor nie is wanneer 'n mens jou op jou foute wys. Weet jy nie dat 'n mens leer deur die ander se raadgevinge nie".

MmaBodibe probeer hom terugruk tot die werklikheid. Alhoewel hy dit nie wil aanvaar nie, was dit die begin van sy pad tot selfbesinning. MmaBodibe word as 'n slim, nugter mens geteken wat altyd vir Moepamere met raad en hulp bystaan. Sy help hom om uiteindelik na sy mense terug te keer.

Die "dokter" vertolk die rol van iemand wat slegs meehelp om Moepamere te laat beseft dat hy na sy mense moet terugkeer. Hy sê aan hom dat die onnatuurlike gebeure die waarskuwing rig dat hy na sy mense moet terugkeer. Hy word bewus van die feit dat die noodlot bepaal het dat hy hier nie tuis behoort nie.

Susana, die verpleegster, is slegs daar om vir Moepamere verder daarvan bewus te maak dat hy oud is. Phiribolaiwe, sy seun, voer 'n misdadigersbestaan deurdat hy steel en roof. Deur die toeval word Moepamere self deur sy seun en die se vriende beroof en aangerand. Sy eie seun is die leier van die misdadigers. Sy seun is die spreekwoordelike wolf in skaapklere. Phiribolaiwe is die spieëlbeeld van sy vader, deurdat Moepamere sy eie lewe in die van sy seun raaksien. Deur introspeksie beseft hy die ooreenkomste tussen hom en sy seun se lewenshoudings. Dit is duidelik dat die vaderlike figuur ontbreek het in sy seun se opvoeding.

Mmadikgetse is Moepamere se vrou. Sy voer 'n alleenstryd nadat haar man haar verlaat het. Omdat hy, volgens berigte, in 'n treinongeluk gesterf het, trou sy weer. Haar tweede man sterf kort voor Moepamere se terugkoms. Sy is 'n vergewensgesinde persoon en aanvaar haar man weer. Sy beseft dat haar man nie alleen die skuld dra nie maar dat sy self 'n aandeel het in die mislukte opvoeding van hul seun.

Al die karakters in die werk staan in diens van die gebeure en dien tot verheldering van die hoofkarakter. Dwarsdeur die werk word duidelik gekonsentreer op Moepamere se twee uitstaande karaktermerke. Die twee negatiewe karaktereienskappe gee dan aanleiding tot die hele verloop van die gebeure.

6.1.2.3 Tyd

Die tyd speel 'n belangrike rol in die werk. Soos die naam van die werk, BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE aandui, word tyd duidelik in die naam gesug= gereer, naamlik die tyd van jeug teenoor die tyd van die ouderdom. Dit gaan oor die lewe van Moepamere. 'n Mens se lewe is vas aan die tyd waarin hy lewe. Die tyd ondersteun die gebeure en karakters dwarsdeur die werk. 'n Stryd tussen die jeug en ouderdom word in Moepamere ge= voer. Moepamere probeer op veertigjarige leeftyd die tyd van sy jeug klaarblyklik terugkoop deur op te tree soos 'n jeugdige. Aan die begin verloop alles waarskynlik voorspoedig vir Moepamere. Hy geniet hierdie nuutgevonde jeugskap ten volle. Hierdie tydperk is egter van korte duur en na ses maande begin hy by die dorpie Inanda te werk. Hoe ver= der die gebeure verloop hoe nader kom die tyd dat Moepamere tot die be= sef sal kom van sy ouderdom, en hoe nader kom die tyd dat hy 'n peri= petie sal moet maak in sy lewensuitkyk. Wanneer Moepamere 'n toordokter besoek na sekere ongelukkige voorvalle, sê die dokter aan hom die vol= gende:

"Mokwena, batho ba le bantsi ba losika lwa gago ba sule mme o ne o se teng kwa gae'" (p. 24).

"Mokwena, baie van jou familie is al dood en jy was daar nie". Dit is duidelik dat daar reeds mense dood is, wat dui op die tyd wat besig is om verby te gaan. Dit wys ook direk na Moepamere wie se uur= glas ook besig is om uit te loop. Moepamere begin self besef dat hy bang is om oud te word. Alhoewel hy dit nie wil erken nie, spreek die volgende woorde vir hulself:

"O ne a sa rate go šwela kgakala le legae la gagwe" (p. 28).

Hy het nie daarvan gehou dat hy ver van sy eie familie af moet sterf nie.

Hy besef dat die dood iets is wat hy nie kan uitstel nie al wil hy ook.

Deur die terugflitstegniek gebruik die skrywer vir Moepamere om sekere geskiedkundige gebeure aan sy reisgenote te vertel. Hulle was nog nie eens gebore ten tye van die gebeure nie, terwyl Moepamere dit self be= leef het. Aangaande die gebeure van die treinongeluk van 1928 wat hy

beleef het, vertel hy:

"Tsa na tsa thulana ka ditlhogo jaaka diphelehu di thulana ka diphatla - thu!" (p. 47).

"Hulle het mekaar met die koppe gestamp soos twee skaapramme wat mekaar met die voorkoppe stamp".

Moepamere wil deur sy optrede die tyd terugdraai maar hy slaag nie daarin nie. Dit word baie duidelik dat hy nie tred gehou het met die ontwikkelinge in die tyd nie. Sy hele optrede en die probleme wat hy tydens sy reis ondervind getuig van sy oningeligtheid ten opsigte van die nuutste ontwikkelinge. Die volgende woorde is 'n baie goeie voorbeeld van Moepamere wat slegs gewoond is aan 'n plattelandse omgewing waar almal mekaar ken:

"Ke a gakgamala fa ke utlwa o re ga o nkitse. Banna botlhe ba ba dirang mo ditimeleng ba a nkitse. Motlhamongwe wena o dirwa ke go re o santse o le lenyowane (new one)" (p. 52).

"Ek is verbaas dat ek jou hoor sê, jy ken my nie. Al die mans wat op die treine werk ken my. Miskien is omdat jy 'n nuweling hier is".

Moroke se tydsaanwysings pas by die karakter sowel as die gebeure in die werk. Wanneer Moepamere terugkeer, doen hy dit in die winter:

"Letsatsi la mariga ga le na khutsana. Ga le na kutlwelo botlhoko" (p. 55).

Die winterdag het nie 'n weeskind nie. Dit het geen jammer gevoel nie - Die winter is vir almal koud.

Winter is die tyd waarin die plante begin doodgaan en alles vaal en onaansienlik is in die natuur. Simbolies het die wintertyd in Moepamere se eie lewe aangebreek. Hy is reeds oud, sy hare is grys en die warm bloed van die jeug vloei nie meer in sy are nie. Hy kom tot die besef dat sy lewenstyd feitlik verby is.

"O ne a utlwa gore botšofe ga bo a roma ngwana, bo tsile go ene ka nama. Ga bo a eta bo tsile go aga" (p. 55-56).

Hy besef dat ouderdom nie 'n kind gestuur het nie, dit het self na hom toe gekom. Dit het nie kom kuier nie, dit het gekom om te bly.

Wanneer Moepamere terugkeer na sy mense, dui die tydsaanwysings ook op die omkeer wat Moepamere besig is om te maak ten opsigte van sy lewensiening en persoonlikheid.

"Erile mo tshokologong ya letsatsi le le tlhatlhamang..." (p. 37).

Toe, met die agtermiddag van die daaropvolgende dag ... Letterlik beteken dit met die omdraai van die son net soos Moepamere besig is om 'n ommekeer in sy lewe te maak. Ander tydsverwysings wat nou by die karakter aansluit is die volgende:

"Letsatsi le ne le setse le tlhatlogile..." (p. 66).

Die son het reeds hoog gesit.

Net soos die son wat reeds hoog sit, is sy ouderdom ook hoog. "n Verdere tydsverwysing is die volgende:

"Daniel Moepamere o gorogile mo Bethani ka nako ya thapama mo letsatsing la Tshipi" (p. 18).

Daniel Moepamere het laatmiddag die Sondag in Bethanie aangekom. Dit was reeds laatmiddag in die lewe van Moepamere. Dit sou nie meer lank wees voor die son vir hom sou ondergaan nie.

Hy kom egter tot die besef dat tyd iets is waaroor geen mens beheer het nie al wil hy ook hoe graag. Soos Salomo van die Bybel besef hy dat daar 'n tyd vir alles is:

"O na a re, 'Mo lefatsheng mo, selo sengwe le sengwe se na le nako ya sone. Go na le nako ya bōša, le nako ya botšofe. Go na le nako ya menate le nako ya mathata. Go na le nako ya mariga le nako ya selemo. Go itumedisitse Mmopi gore go nne jalo'" (p. 87).

Hy sê toe: "Hier op aarde het elke ding sy tyd. Daar is die tyd van die jeug en dié van die ouderdom. Daar is 'n tyd van plesier en 'n tyd van probleme. Daar is 'n winter- en 'n somertyd. Dit is die Skepper se wil dat dit so is".

Moroke slaag daarin om die tyd baie effektief aan te wend in die novelle. Tyd is duidelik een van die uitstaande kwalitatiewe kenmerke in die verhaal.

6.1.2.4 Ruimte

Net soos Moepamere nie die ouderdom wil aanvaar nie, so wil hy ook nie sy eie omgewing en blyplek aanvaar nie. Hy verlaat sy mense en gaan na die vreemde stad Durban, waar hy vir ses maande kommersy sou lewe. Die vakansiestad met sy betoweringe soos die see pas by die avontuurlustigheid van die jeug. Moepamere en sy nuutgevonde jong meisie geniet elke oomblik wat die stad aan die jeugdige bied. Net soos hy nie die ouderdom kan ontvlug nie, so kan hy ook nie die ruimte ontvlug waar hy opgegroeï het en wat hy vir die vreemde verruil het nie. Die horings van die riksja herinner hom aan sy kinderdae in Bethanie.

"Di nkgopotsa kwa morakeng wa dikgomo tsa ga rre kwa Bethani mo tikologong ya Rustenburg" (p. 4).

"Dit herhinner my aan my vader se vee-pos by Bethanie in die Rustenburg-omgewing"

In hierdie ruimte sou hy slegs tydelike voorspoed beleef voordat hy na die dorpie Inanda gaan waar hy vir ongeveer dertig jaar 'n eensame en 'n sukkelbestaan sou voer. Hy verwys egter baie na sy tuisdorp en omgewing:

"O ne a bua thata le ka ga motse wa Bethani le ka ga lefatshe le lentlentle la Rustenburg" (p. 18).

Hy het baie gepraat van die dorp Bethanie en van die baie mooi plek Rustenburg.

In die ruimte waarin hy homself bevind, gebeur dinge wat hom noodgedwonge laat terugkeer na sy eie mense. Hy ervaar teëspoed hier in Inanda, wat 'n teken is dat hy nie hier tuishoort nie. Moepamere besef dit ook deur te sê:

"Ke a gatelesega gore ke boele gae. Ga ke rate go swela mo lefatsheng leno la seeng" (p. 32).

"Ek word verplig om huiswaarts te keer. Ek wil nie hier in die vreemde sterf nie".

Net soos wat daar duidelike teenstellings in die lewe van die jeugdige en die van die volwasse mens is, word daar duidelike teenstellings in die ruimte van die jeug en die volwasse persoon in die werk aangetref. Moroke sê die volgende:

"Tsela ya go tloga mo gae go ya le mafatshe, e bonolo, e ntle. E kgabisitswe ka ditšheše tsa boša. Ba ba e tsamayang ba gata godimo ga bojang jo bo boleta. Ba eta ba bina, ba bo ba opele. Tsela ya go šokologela gae yone e thata. E tlhatloga dithaba tse di kwa godimo. E tlabaganye le diphefo tse di thata. Motsamai o betwa ke lorole la mathata'" (p. 29).

"Om van die huis af weg te gaan na die vreemde is 'n gemaklike en lekker pad. Die pad is versier met blomme van die jeug. Die wat dit gebruik trap op sagte gras. Hulle loop en hulle dans en hulle sing. Die pad terug huis toe is 'n moeilike pad. Die pad gaan oor hoë berge. Dit word gekenmerk deur sterk winde. Die reisiger word gewurg deur die moeilikhede".

Moepamere leef nie net in 'n droomwêreld van sy eie denke nie maar op sy terugreis verdwaal hy letterlik. Hy klim op 'n verkeerde trein en raak sy pad heeltemal byster in Vereeniging:

"Kana go botlhoko jang go latlhega motshegare'" (p. 54).

"Hoe moeilik is dit tog nie om in die dag te verdwaal nie".

Alle tekens dui daarop dat hy besig is om te fouteer, maar hy wil dit nie aanvaar nie en loop oop oë in die probleme in. Net soos hy ruimte=lik verdwaal het so ook het hy verdwaal in sy eie lewensiening.

Moepamere verlaat sy mense om sy geluk en voorspoed op 'n vreemde plek te gaan soek. Hy gaan weg as 'n vermoënde jongman. Wanneer hy egter terugkeer, is hy arm, oud en afgeleef. Hy besit niks, hy stap sy tuisdorp binne met 'n kortbroek en 'n swart trui aan maar sonder hoed en skoene. Hy het die klere aan wat 'n jongman sou dra. Hy besef dat sy tuisdorp tog maar die beste is.

"Daniel Moepamere o ne a itshekisa, 'Nswana yo o tsaletšweng mo motseng wa Bethani, a golela mo go one, a ka re o tlhokile eng se se mo tlositseng mo gae?'" (p. 66).

Daniel Moepamere het homself verwyf en gesê "Wat ontbreek 'n kind om sy tuisdorp soos Behanie waar hy gebore en opgegroeï het te verlaat?".

Hy, wat sy eie mense en familie as't ware verraaï het, se groot vraag is - gaan sy familie hom weer aanvaar? Sy vrou en kinders vergewe hom en hy word weer deel van die huisgesin. In die ruimte van sy familie kan hy nou weer ware geluk ondervind.

6.1.2.5 Taal en styl

Moroke se opsigtelike Bybelse aanhalings en verwysings word feitlik glad nie in hierdie werk aangetref nie. Sy sogenaamde prekerige inslag in sy werke word hier heeltemal verbreek. Hier is weinig Bybelse aanhalings of verwysings in die werk. Voorbeelde waarin dit wel voorkom, is die volgende:

"Makgoa a gagwe a ne a mo dumelela go ya kerekeng ka letsatsi la Tshipi..." (p. 2).

Haar werkgewers het haar toegelaat om Sondag Kerk toe te gaan.

"Ke ntse ke lwa le selo se se tllhamilweng ke Modimo, Mmopi wa dilo tšôtlhe" (p. 87).

Ek het die heeltyd geveg teen iets wat deur God ingestel is, die Skepper van alle dinge.

"O na a re, 'Mo lefatsheng mo, selo sengwe le sengwe se na le nako ya sone. Go na le nako ya boša, le nako ya botšofe. Go na le nako ya menate le nako ya mathata. Go na le nako ya mariga le nako ya selemo. Go itumedisitse Mmopi gore go nne jalo'" (p. 87).

Hy sê toe: "Hier op aarde het elke ding sy tyd. Daar is die tyd van die jeug en die van die ouderdom. Daar is 'n tyd van plesier en 'n tyd

van probleme. Daar is 'n winter- en 'n somertyd. Dit is die Skep-
per se wil dat dit so is".

'n Ander goeie voorbeeld wat duidelik pas by die gebeure in die werk is die volgende:

"Nanoga, motho wa batho! Sikara diphate o šokologele gae. Boitšhwa=rela bo bontsi mo pelong ya batsadi ba gago" (p. 31).

"Staan op, arme mens. Neem jou matte op en gaan huis toe. Daar is vergewensgesindheid in jou ouers se harte".

Net soos die verlore seun in die Bybel sou Moepamere ook met leë hande na sy mense terugkeer.

(i) Woordgebruik

Kenmerkend van Moroke se omskrywende en beskrywende styl is sy oorvloedige gebruik van bywoorde en adejktiewe. Die omskrywings in hierdie werk is baie duidelik, bondig en nugter. Voorbeelde van goeie omskrywings is die volgende:

"O ne a tlamparetse boša ka diatla tšoopedi a sa rate go bo tlogela" (p. 1).

Hy het die jeug met albei hande vasgeklou en wou dit nie los nie.

Moepamere se persoonlike probleem word onmiddellik deur bogenoemde omskrywing aangedui.

"Banna ba bararo ba ne ba le baleele. Wa bone e ne e le lekau le lekautšhwane" (p. 56).

Die drie mans was lank. Die vierde een was 'n kort jongman.

"Lefatshe le ne le apesitswe kobo e tšhweu ya serame se a neng a se gata ka dinao" (p. 62).

Die aarde was gekleed in 'n wit kombes van ys wat hy met sy voete getrap het.

Bogenoemde voorbeeld dui verder op Moroke se suggestiewe en simbo= lieuse woordaanwending. Bogenoemde sin dui ook op Moepamere se fi= sieke en liggaamlike toestand en nie net op die wintertyd in die na= tuur nie.

So is daar talle duidelike voorbeelde van gepaste woordgebruik.

(ii) Beeldgebruik

Treffende beeldaanwending word in die werk aangetref. Goeie beeld= spraak het die funksie dat dit baie meer en dieper spreek as die alledaagse woord. In die werk het dit die verdere funksie dat dit die tema en hoofkarakter baie duidelik ondersteun. Die beeldgebruik bring 'n gekonsentreerde, kompakte en suggestiewe tekening van die hoofkarakter teweeg. Voorbeelde van beeldspraak is die volgende:

(a) Vergelykings

"Go na le dilo tse pedi tse Daniel Moepamere a neng a di ila jaaka ntšanyana e ila katse e e kileng ya e ngapa ka dinala tse di botlhoko mo sefatlhegong" (p. 1).

Daar was twee dinge wat Daniel Moepamere gehaat het soos 'n hond 'n kat haat wat hom eenkeer seer met die nael in die gesig gekrap het.

"A tsholetsa magetla a kokoraga jaaka roto" (p. 19).

Hy tel toe sy skouers op en stap rond soos 'n bobbejaan= mannetjie.

"A a ka tsaya tshipi e e molelo a leka go phuthulola ma= tsutsuba mo sefatlhegong sa gagwe jaaka motho a phuthulola matsutsuba mo dikhaing ka tshipi?" (p. 87-8).

Kan 'n mens 'n warm yster neem en die plooi uit jou gesig verwyder soos 'n mens die kreukels uit 'n kledingstuk met 'n yster uitstryk?

"Mafoko a, a na a tsena mo ditsebeng tsa ga Phirriebolaiwe jaaka loso lo tsena mo tlung ya motho" (p. 80).

Hierdie woorde het op Phirriebolaiwe se ore geslaan soos die dood wat in 'n mens se huis kom.

(b) Personifikasie

"Letsatsi le ne le setse le kotame mo godimo ga dithaba tsa bophirima fa ..." (p. 9).

Die son het alreeds bo-op die westelike berge gehurk - Die son was besig om onder te gaan.

"Malatsi le masigo a ne a ntse a tlihatlhagana a tsala dibeke le dikgwedi le dinyaga mme pelo ya ga Moepamere ya tlhoafelela gae kwa Bethani" (p. 23).

Die dae en nagte het vermeerder en weke, maande en jare gebaar en Moepamere se hart het huistoe verlang, na Bethanie.

Bogenoemde aanhaling wys duidelik dat dit ook op die persoon Moepamere slaan. Net soos die dae in maande en jare vermeerder, so het Moepamere se ouderdom vermeerder.

"Letsatsi la mariga ga le na khutsana. Ga le na kutlwelo botlhoko" (p. 55).

'n Wintersdag het nie 'n weeskind nie. Dit het geen jammer gevoel nie - Die winter is vir almal koud.

"Phefo ya borwa e ne e mmetša ka seditse mo marameng le mo ditsebeng le mo metlhafung" (p. 55).

Die koue suidewind het hom op die wange, op die ore en kuite gepiets.

(iii) Spreekwoorde

Net soos by die beeldspraak word heelwat spreekwoorde in die werk aangetref. Die spreekwoord is 'n sterk uitdrukkingsmiddel waardeur die skrywer die bepaalde tema in die werk intensiveer. Die spreekwoord se meerledige betekenis ondersteun die uitbeelding van die karakter in die gebeure. Voorbeelde van spreekwoorde is die volgende:

"Kgomo, modimo o nko metsi, e kopanya ditšhaba" (p. 49).

Bees, god van die nat neus, hy verenig die stamme - Tydens huwelike koop die bruidegom letterlik die bruid met 'n bepaalde aantal beeste. Dit dui dus op die vereniging van twee families.

Die spreekwoord dui indirek op Moepamere wat sy huisgesin verlaat het en hulle nie verenig het nie.

"Kana go tše poo ga e bope marota gabedi" (p. 10).

Daar word gesê 'n bul brul nie twee keer op die hoogland nie - 'n Mens is net een keer in jou lewe jonk.

Die spreekwoord wys duidelik daarop dat Moepamere reeds oud is. 'n Mens het die jeug net een keer aan jou kant, as dit verlore is, is dit vir ewig verlore.

"Lepotlapotla le ja podi" (p. 64).

Iemand wat haastig is, eet 'n bok - Die hele spreekwoord sê dat hy wat haastig is, eet 'n bok, maar hy wat rustig is, sal 'n bees eet - die mens moet nooit oorhaastig optree nie.

Die spreekwoord slaan op die lewe van Moepamere. Toe hy nog jonk was, toe het hy sy tyd verwyd met onbenullighede, maar nou dat hy oud geword het, nou wil hy haastig wees.

"E re go gopola tšhukudu, o ikanye setlhare" (p. 29).

As jy aan 'n renoster dink, dan vertrou jy op 'n boom - Dink aan die duiwel dan trap jy op sy stert.

So is daar nog talle voorbeelde van spreekwoorde dwarsdeur die werk.

(iv) Idioom

Net soos die spreekwoord, is die idioom 'n sterk uitdrukkingsmiddel in die taal. Deur die gebruikmaking van die idioom sê die skrywer onomwonde wat hy by die leser wil tuisbring. Die idioom dra by tot bondigheid en eenheid in die werk. Voorbeelde van treffende idiomatiese uitdrukkings is die volgende:

"... go se na nko e e tswang lemina" (p. 11).

Daar is geen neus waaruit iets geloop het nie - Daar het niks gebeur nie.

Dit dui op Moepamere se jeugjare wat hy ledig deurgebring het.

"'O opile kgomo lonaka, mma'" (p. 19).

"Jy het die bees se horing raak gegooi, mevrou" - Jy het die waarheid gepraat.

"Maaka ga se mahura" (p. 37).

Leuens is nie vet nie - Dit baat nie om leuens te vertel nie.

"'Ga go tume dimelala'" (p. 41).

"Iemand wat homself prys word nie beroemd nie"

"Ba ba kileng ba bonana, ba tla bonana gape'" (p. 82).

"Die wat mekaar eenkeer gesien het, sal mekaar weer sien".

(v) Sinsgebruik

Die sinskonstruksies van die werk is oor die algemeen ondersteunend vir die tema daarvan, daarin dat die kortheid en bondigheid daarvan die leser se aandag makliker behou. Hierdeur word kontinuïteit ten opsigte van die tema in die werk behou.

Voorbeelde van goeie sinsgebruik is die volgende:

"Kgole ya lerato e ne e mmofoletse mo letlhakoreng la ga Moepamere" (p. 3).

Die band van liefde het haar aan Moepamere se sy vasgebind.

"Batsadi ba ga Jabulani ba ne ba bona letsatsi le tlhaba le bo le phirima mme go se na nko e e tšwang lemina" (p. 11).

Jabulani se ouers het die son sien opkom en ondergaan sonder dat daar 'n neus was waaruit iets geloop het - Jabulani se ouers het die dae sien kom en gaan sonder dat daar iets gebeur het.

'n Goeie voorbeeld van die progressiewe intensivering van 'n beeld of gedagte is die volgende:

"Lefatshe le a lebatsa. La na la lebatsa Moepamere dilo tse di molemo. La mo lebatsa gore letsatsi la boša le tlhabela motho gangwe fela mo botshelong jwa gagwe. Fa le phirimile, le phirimile. Kana go tse poo ga e bope marota gabedi" (p. 10).

Die aarde laat vergeet. Dit het vir Moepamere die goeie dinge laat vergeet. Dit het hom laat vergeet dat die jeug net een keer in 'n mens se lewe daar is. As dit verby is, is dit verby. Daar word gesê dat 'n bul net een keer op die hoogland brul - 'n Mens is net een keer jonk.

Die gedagte van Moepamere se ouderdom word stap vir stap geïntensiveer totdat dit met die spreekwoord aan die einde bevestig word dat hy reeds oud is.

Humor is duidelik geïnkorporeer in die volgende sin waar Moepamere sy beste Engels ten toon stel:

"I meaning om te sei. Ke raya gore whata jo calling it, daardie denges'" (p. 38).

Die sin tipeer hom duidelik as 'n egoïst. Hy wil nie besef dat hy foute het of dinge nie kan doen nie.

Moroke bewerkstellig 'n baie mooi integrasie van kwalitatiewe boustene in die werk. Met sy parataktiese styl word die leser se belangstelling die hele werk deur behou. Oor die algemeen kan die werk stilisties gesien, hoog aangeslaan word.

6.1.2.6 Tema

Dit is vanaf die begin duidelik dat Moroke 'n tydstema in die werk handhaaf. Soos die naam van die werk aandui: BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE - Die jeug stry teen die ouderdom, is Moepamere met homself en sy medemens in 'n stryd gewikkel ten opsigte van sy eie ouderdom. Moepamere word gebruik ter uitbouing van die tema, naamlik dat daar 'n tyd vir elke ding in die lewe is. Die mens is gekoppel aan 'n sekere leeftydsduur en of hy dit wil aanvaar of nie, tyd wat verby is kan nooit weer teruggedraai word nie. Net soos die lewe 'n begin en 'n einde het, so word Moepamere aan die begin en einde van die werk binne die tema aangetref. Dit is so dat Moroke die jeug met sy voortvarendheid, plesier en sorgeloosheid plaas teenoor die weldeurdagte en verantwoordelike optrede van die ouer en volwasse mens. Moepamere is reeds 'n volwasse mens maar hy weier om die werklikheid te aanvaar en tree op soos 'n jeugdige. Dwarsdeur die werk skop hy hard teen die prikkels om maar op die ou einde tot die besef te kom dat hy 'n nuttelose lewe gelei het. Moroke slaag daarin om dwarsdeur die werk dig by die tema te bly. Duidelike temaverwysings word in die werk aangetref. Eerstens word die tema in die naam van die werk vergestalt. Tweedens word die twee uitstaande kenmerke van Moepamere dadelik op p. 1 gegee, naamlik:

- (i) dat hy nie oud genoem wil word nie;
- (ii) dat hy nie op sy foute gewys wil word nie.

Dit is duidelike kenmerke wat by die jeug tuishoort. Heelwat ander aanwysings word nog aangetref. Vergelyk die volgende voorbeelde:

"A re, 'kerekere ke ya batho ba ba setseng ba kgabagantse meololwane e e kgaoganyang boša le botšofe'" (p. 3).

Hy sê toe: "'n Kerk behoort aan die mense wat reeds die grens na die ouderdom oorgesteek het".

"La mo lebatsa gore letsatsi la boša le tlhabela motho gangwe fela mo botshelong jwa gagwe" (p. 10).

Dit het hom laat vergeet dat 'n mens se dae van die jeug net een keer daar is.

"Mosadi a re, 'Fa o ka re o tšofetse o tla bo o gasitse lebolobolo ka lorole'" (p. 42).

Die vrou sê toe: "As jy kan sê dat hy oud is, is dit so goed asof jy 'n pofadder met stof gooi".

"O ne a utlwa gore botšofe ga bo a roma ngwana, bo tsile go ene ka nama" (p. 88).

Hy het besef dat ouderdom nie 'n kind gestuur het nie, dit het persoonlik na hom toe gekom.

"A re, 'Ke šupeditse boeleele jwa boša'"

Hy sê: "Die dwaasheid van die jeug is aan my gewys".

Moroke wil deur die tema aan die jeug 'n duidelike waarskuwing rig, naamlik dat alhoewel die jongmens sy lewe ten volle moet geniet, moet dit met oorleg en met 'n sekere voorbehoud gedoen word. Die jeugdige voortvarendheid moet nie oorgaan in wetteloosheid en onverantwoordelike optrede nie. Die raad van die volwasse mens moet nie sonder meer verwerp word nie. Moepamere doen introspeksie ten opsigte van sy eie lewe en hy kom

tot die besef dat:

"Nako ya boša e siame, e monate. Le nako ya botšofe e siame, fa motho a sa e amogela ka tshwanelo, a se ka a kopakopanya dipaka. Rure tllhabano e thata magareng a boša le botšofe mme ka metlha bogolo ke jone bo tšholetsang sekgele fa boša bo itatlhela mo dianong tsa botšofe" (p. 88).

"Die tyd van die jeug is goed en lekker. Ook die tyd van die ouderdom is goed, as 'n mens dit nie goed ontvang nie dan moet hy nie die tyd deurmekaar maak nie. Regtig, die stryd tussen die jeug en ouderdom is hewig, maar dikwels is die ouer persoon die oorwinnaar as die jeug hom teenoor die ouderdom plaas".

Hierdie probleem tussen jeug en ouderdom skep vandag meer as ooit in 'n moderne samelewingsverband baie probleme. Die sogenaamde "generation gap" wat ontstaan tussen die ouer en sy jong kind is iets wat vandag nie onbekend is nie. Moroke lig dus 'n tema toe wat vandag nog net so toepaslik is as toe die werk geskryf is.

6.2 KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA

6.2.1 Verhaalinhoud

Die novelle handel oor Tlmatlamang wat ontevrede is met haar lot in haar huisgesin. Sy verlaat haar man, Ramagetlana, en haar skoonmoeder, Mmadikeledi, en gaan bly by Mmamosidi en haar man, Thipanyane, wat klaarblyklik baie ryk is. Aanvanklik is sy baie beïndruk met haar nuwe lewensruimte. Vir sewe maande bly sy hier in haar nuwe omstandighede waar baie beloftes aan haar gemaak word. Sy word egter ontnugter as sy agterkom dat Thipanyane en sy vrou niks besit nie. Al hul besittings is op huurkoop gekoop. Omdat hulle dit nie kon afbetaal nie, word alles teruggeneem. In die geharwar wil Tlmatlamang haar geld hê wat aan haar belowe is vir die werk wat sy gedoen het. Sy ontvang egter net twee komberse as betaling en maak haar toe uit die voete. Sy gaan nie terug na haar eie huis nie maar verdwyn van die toneel. Sestien jaar later word sy in 'n hospitaal opgeneem, waar sy deur haar eie dogter verpleeg word. Omdat sy geen heen-

kome het nie, bied haar dogter aan haar huisvesting. Wanneer sy by die huis aankom, besef sy dat dit haar eie huis en familie is. Sy besef nou dat alles wat sy altyd begeer het en waarvoor sy haar huis verlaat het tog in die huis is. Sy het berou en vra haar man om haar te vergewe. Sy besef nou die waarheid van die woorde: "Khumo segwagwa e a pharuma" - Rykdom is nes 'n padda, dit spring weg.


6.6.2 Die fundamentele kenmerke van die verhaal

6.2.2.1 Gebeure

Die gebeure in die werk neem 'n aanvang wanneer Tlamatlamang haar huis verlaat omdat sy ontevrede is met haar huishouding. Sy gaan woon by haar vriendin Mmamosidi en haar man Thipanyane. Dit wil voorkom asof Tlamatlamang baie gelukkig in die nuwe omstandighede is. Haar begeerte na geld en materiële besittings word hier bevredig. Die gebeure in en om Thipanyane en sy huisgesin begin 'n negatiewe tendens toon. Omdat hy nie hul huurkoopverpligtinge nakom nie, word al hul besittings teruggeneem. Eerstens word sy dogter, Tsholofelo, die skool verbied, dan word die potte en stoof teruggeneem en later ook die motor. Tlamatlamang beleef al die krisis saam met die huisgesin. Die laagtepunt in die negatiewe gebeure is wanneer Thipanyane in die tronk beland. Tlamatlamang word deur die gebeure uit haar droomwêreld wakker geskud en tot die werklikheid teruggeruk.

Sy besef dat die gras anderkant die draad nie so groen is as wat sy gedink het nie. In haar groot begeerte na geld en blink besittings word sy slegs twee komberse ryker. Sy vlug letterlik hier weg en word jare later in 'n hospitaal opgeneem weens siekte as gevolg van ondervoeding. Dit is hier in die hospitaal waar sy deur haar dogter verpleeg sou word. Hier word sy nie slegs na liggaam genees nie maar ook na siel. Sy keer saam met haar dogter terug na haar eie huis en familie. Hier sien sy alles wat sy nog altyd begeer het en besef dat sy 'n groot fout begaan het deur haar optredes.

Die gebeure in die werk kan skematies soos volg voorgestel word:



Die hele gebeure vorm 'n kringloop waarin Tlamatlamang al meer en meer tot die besef van haar eie tekortkominge kom. Dit is juis die gebeure by die skynbaar rykes wat 'n ommekeer in haar eie persoonlikheid bewerkstellig. Die gebeure in en om Thipanyane se huisgesin vertoon vanaf die skynbaar positiewe 'n al negatiewer tendens. Tlamatlamang, aan die ander kant, het 'n negatiewe houding wat met die gebeure al meer en meer positief word totdat sy besef dat sy verkeerd geoordeel het.

Die toevalligheid van gebeure kom dadelik in die werk na vore. Die so-genaamde "deus ex machina" word gebruik om probleme op te los. Dat al die teenslae Thipanyane en sy huis op een dag moes tref berus bloot op toeval. 'n Verdere duidelike toevalligheid is dat Matlou haar moeder na jare nou juis in 'n hospitaal moes raakloop.

Duidelike kontrasterende gebeure word in beide Ramagatlana en Thipanyane se huisgesinne aangetref. Ramagatlana is 'n man wat nie ryk is nie maar sy huisgesin met liefde versorg en verantwoordelik ten opsigte van sy geldsake optree. As gevolg van Tlamatlamang se gierigheid verlaat sy haar man en huisgesin en gaan na die ryk familie. Thipanyane en sy vrou leef in weelde. Thipanyane probeer sy vrou tevrede stel deur net

te koop sonder om enige verantwoordelikheid aan die dag te lê. Hierdie onverantwoordelike optrede bring later baie ongeluk en hartseer in die familie. Dit raak so erg dat Tlamatlamang hier moet wegvlug. Jare later keer sy terug na die huis wat sy verlaat het, net om te ontdek dat alles waarvoor sy gestreef het wel daar is. As gevolg van haar man se verantwoordelike optrede kan hulle nou weer verenig en in vrede en liefde saamleef.

Die gebeure in die werk is nie ingewikkeld nie maar word chronologies aan die leser verhaal.

6.2.2.2 Karakter

(i) Hoofkarakter

Die hoofkarakter in die werk is Tlamatlamang. Sy word getipeer as 'n vrou wat ontevrede met haar lot is. Sy begeer die rykdom en besittings van haar buurvrou Mmamosidi. Sy loop heeldag rond en skinder van haar man en familie. Sy weier selfs om in haar eie huis te werk. Sy is 'n egoïstiese mens wat haar eie belange en voorspoed voorop stel. Sy is gedurig besig om die lewe van haar man en skoonmoeder te versuur deur haar aanhoudende beskuldigings en gekla. Haar skoonmoeder tipeer haar wanneer sy vir Tlamatlamang sê:

"Tlamatlamang, o tshwenngwa ke lenao" (p. 6).

"Tlamatlamang, jy word gepla deur jou voet" - Jy loop baie rond.

Sy sê verder aan haar:

"O thanyathanya jaaka letsetse" (p. 7).

"Jy spring rond soos 'n vlooi".

Alhoewel sy 'n skraal en kort vrou is, is sy nie bang om rusie te maak nie.

"Mosadimogolo a araba, 'Mosadi, o monnye, o mokhutshwane, o mosesane mme dipuo tse di tswang mo molomong wa gago, tsona ke tse dikgolo, tse di bokete. Di a go feta'" (p. 11).

Die ouwrou antwoord toe: "Vrou, jy is klein, jy is kort en skraal maar die woorde wat uit jou mond kom is groot en gewichtig. Dit is groter as jy".

Haar skoonmoeder beskuldig haar tereg ook van luiheid:

"Mmadikeledi a re, 'Tlamatlamang o bolaiwa ke botshwakga'" (p. 9).

Mmadikeledi sê toe: "Tlamatlamang, jy is lui".

Uit hardkoppigheid verlaat sy haar familie:

"Tlamatlamang ke motho yo o sa batleng kgakololo. Ga a rate go supediwa diphoso tsa gagwe. Ga a itse go bua ka kagiso le monna wa gagwe. O ne a loga leano la go ngwega, a ngale legae, mme a ye go itshenkela botshelo jo a neng a gopola gore bo tla nna botoka" (p. 15).

Tlamatlamang is 'n mens wat nie raad aanvaar nie. Sy wil nie op haar foute gewys word nie. Sy kan nie in vrede met haar man praat nie. Sy het beplan om weg te loop, die huis te verlaat en om vir haarself 'n lewe te gaan soek wat sy dink wat beter is.

Tlamatlamang is aanvanklik beïndruk deur die welvaart wat sy by Thipanyane ondervind. Dit is hier waar sy sou uitvind dat haar welvaart maar van korte duur is. Hier leer sy dat die wat hulself verhoog, verneder sal word. Sy het gedink haar man sal na haar toe kruip en om vergifnis smeek. Sy moes toe self om vergifnis gaan smeek:

"Tlamatlamang a re, 'Ke a itse gore e tla re fa Ramagetlana a bona lo ntirile motho a khubama ka mangole a rapela gore ke boele gae" (p. 22).

Tlamatlamang sê toe: "Ek weet dat wanneer Ramagetlana sien julle het 'n mens van my gemaak sal hy op sy knieë gaan en my smeek dat ek terug huis toe moet gaan".

Die gebeure in die werk dwing vir Tlamatlamang om tot inkeer te kom. In die hospitaal tussen siekes het sy baie tyd om aan haar optredes te dink:

"A re, 'Ke ne ke latlhile legae la me ke gopola gore ke tla bona botshelo jo bo botoka kwa legae la mosadi yo mongwe'" (p. 86).

Sy sê toe: "Ek het my huisgesin weggegooi en gedink dat ek 'n beter lewe sou vind in 'n ander vrou se huis".

Uiteindelik, na jare, kom sy met leë hande en 'n groot skuldbesef by haar huis aan.

"A lela. A ikwatlhaya mme a kopa Ramagetlana gore a mo itshwarele" (p. 86).

Sy huil toe. Sy het berou gehad en vra toe vir Ramagetlana om haar te vergewe.

Tlamatlamang as hoofkarakter vertoon 'n duidelike ontwikkeling. Alhoewel sy nie as karakter in haar volle konsekwensies ontwikkel nie; word een duidelike kenmerk van haar goed toegelig naamlik haar geldgierigheid. Die novelle is te kort vir volledige karakterontwikkeling, en daar kan eerder van momentele karakterontwikkeling gepraat word. Dit is duidelik dat die skrywer deur die karakter 'n bepaalde probleem wil uitlig en goed daarin slaag.

(ii) Ander karakters in die werk

Al die ander karakters van dié novelle is slegs tipes wat die gebeure sowel as die hoofkarakter ondersteun. Teenoor Tlamatlamang is haar man Ramagetlana. Hy is 'n hardwerkende man wat wys en verantwoordelik optree. Hy probeer sy vrou op haar foute wys maar hy bereik niks:

"'Mma, kana batho ga ba lekane e se meno'" (p. 13).

"My vrou, mense is nie eenders nie, hulle is nie tande nie" - Mense verskil van mekaar.

Wanneer Tlamatlamang haar man verlaat, sê hy die volgende:

"'O tla tsoga a ikwatlhaya'" (p. 16).

"Sy sal later berou hê".

Ramagatlana weet dat sy vrou nog haar eie kop gaan stamp en dan sal terugkeer. Mmadikêledi, Ramagatlana se moeder, tree hier soos 'n moederfiguur op en probeer sake tussen haar twee kinders skik maar slaag ook nie daarin nie. Sy is die een wat vir Tlamatlamang raad gee maar hoe meer raad sy gee hoe minder luister sy.

Thipanyane en Mmamosidi is net sulke geldgierige mense soos Tlamatlamang. Thipanyane weet nie hoe om sy finansies te hanteer nie. Mmamosidi is die vrou wat alles kry wat sy wil hê. Hulle is mense wat oppervlakkig en hoogmoedig is. Hulle beskou hulleself baie beter as ander mense, in so 'n mate dat hulle vir Tsholofelo na 'n ander skool stuur omdat die plaaslike skool nie goed genoeg is nie. Tsholofelo is duidelik 'n produk van haar ouers. Sy is 'n selfsugtige, lui en ongemanierde kind. Die hele gesin se lewenshouding word mooi in die volgende voorbeeld vergestalt:

"Thipanyane a tswelela pele, 'Bona motokara o montle o ke o pagamang! Bona dilo tse dintle tse di tletseng mo ntlong ya me le mosadi wa me! Bona diaparo tse dintle tse re di aparang! Diranta le disente di phatlola letlola la me la polekelo. Dilo tsotlhe tse ke maungo a setlhare sa boikanyego, le leina le lentle'" (p. 28).

Thipanyane gaan toe voort: "Kyk die mooi motor wat ek ry. Kyk na al die mooi dinge wat in my en my vrou se huis is! Kyk na die mooi klere wat ons dra! Die rande en sente loop oor in my bank. Al dié dinge is soos die vrugte van 'n boom van getrouheid en 'n goeie naam".

Hierdie mense help Tlamatlamang om verder op die dwaalspoor van die lewe totdat sy besef dat hulle nie werklik is wat hulle voorgee nie.

Rameru is die skoolhoof en tree ook soos een op. Hy is 'n persoon wat sy skool se belange op die hart dra. Hy is 'n waardige persoon wat nie bang is om streng op te tree nie. As hy in 'n geskil met Thipanyane betrokke raak, sê hy dat geskille nie met die hande en skoene besleg word nie maar deur goeie beredenering:

"... o raga fela ka loleme le ka pelo" (p. 59).

... hy skop net met die tong en met die hart – 'n Oumens baklei nie meer nie.

Van Matlou, Tlamatlamang se dogter, word min gesê. Sy is die teenoorgestelde van haar moeder. Sy ontferm haar oor Tsholofelo voor sy uit die skool gejaag word. Na sestien jaar bring sy haar moeder weer terug na die familie.

Al die newe- of platkarakters is in diens van die gebeure en hoofkarakter in die werk. Tlamatlamang is die enigste karakter by wie ontwikkeling plaasvind. Tlamatlamang is die persoon deur wie die skrywer die problematiek van die tyd probeer uitlig.

6.2.2.3 Tyd

Die werk handel oor 'n bepaalde leeftydspanne van mense. Die gebeure verloop oor 'n tydperk van ongeveer sestien jaar.

Tyd speel 'n belangrike rol in die werk deurdat dit nou saamhang met die gebeure. Dit is duidelik dat die karakters in die werk een of ander tyd tot verantwoording geroep word vir hul dade. Die tyd sou aanbreek dat Tlamatlamang tot inkeer kom. Die tyd sou ook kom dat sy na haar familie moes terugkeer en verantwoording doen van haar optredes. Die tyd ondersteun die karakters, veral die hoofkarakter in die werk. Wanneer Tlamatlamang vanaf Thipanyane huiswaarts keer is dit reeds laat, donker en koud:

"Meruti ya ditlhare le ya dikago e ne e ntse e otloga, e apesa lefatshe ka kobo e tsididi, ya bosigo, fa Tlamatlamang a tloga kwa ga Thipanyane a sokologela gae" (p. 6).

Die skadus van die bome en die geboue het lank geword, en die aardemet die koue nagkometers oordek, toe Tlamatlamang by Thipanyane hulle weggaan en terugdraai huis toe.

Die tydsaanduiding wys simbolies na Tlamatlamang wat koud en harteloos geword het. Sy is net soos die nag onvoorspelbaar en liefdeloos. Wan-

neer sy haar man en familie verlaat, is dit in die nag. Sy doen haar daade in die nag soos 'n rower. Haar eie lewe het soos 'n donker skaduwee geword. Sy probeer haar lewe ophelder deur by mense te gaan bly by wie dit blink van nuwe besittings.

Dit is verder duidelik dat Tlamatlamang se verblyf hier slegs tydelik is. Met Tsholofelo se verjaardag breek die tyd van rekenskap dan ook aan. Die skuldeisers het besluit dat Thipanyane sy finansiële verpligtinge moet nakom. Die tyd waarin daar soos rykes gelewe is, is besig om uit te loop. Tlamatlamang kom tot die besef dat haar ryk vriende se glans van korte duur is. Al wat sy as beloning van die "rykes" ontvang, is twee komberse. Sy vlug hier weg sonder dat iemand weet waarheen. Die tyd breek aan waarin sy nou moet rekenskap gee van haar eie doen en late. Uiteindelik erken sy aan haar man dat sy verkeerd was en vra om vergifnis.

Van die begin af is dit duidelik dat Thipanyane en sy gesin hulle lewenshouding baseer op die wankelende hoop van die toekoms. Hulle kyk die werklikheid mis en lewe net vir dit wat die toekoms mag oplewer:

"'Ke dinyane. Tse dikgolo di sa ntse di tla'" (p. 3).

"Dit is kleintjies. Die groot dinge sal nog kom".

Die groot voorspoed sal nog kom. Op p. 25 spekuleer Mmamosidi en Tlamatlamang oor die groot toekoms wat op Tsholofelo wag en die groot hoogtes wat sy eendag sal bereik. Die toekomshoop verdwyn egter soos mis voor die son wanneer Tsholofelo by die skool weggejaag word:

"'Motlhamongwe e tla nna ena mosadi wa ntlha wa motho yo Montsho yo o tla gatang ka dinao tsa gagwe mo ngweding kgotsa mo go e nngwe ya dinaledi'" (p. 25-6).

"Miskien sal sy die eerste Swartvrou wees wat haar voete op die maan sal sit of op een van die sterre".

Hieruit is dit duidelik dat Mmamosidi besig is om te fantaseer en dat sy nie by die werklikheid is nie. As gevolg van hierdie onrealistiese hoop op die toekoms val al hul lugkastele in een oomblik inmekaar.

Die tyd in die werk ondersteun dus nie net die gebeure en karakter nie maar ook die tema in die werk. Moroke wend die tyd as bousteen baie goed aan in die werk.

6.2.2.4 Ruimte

Tyd en ruimte is die faktore wat aan die optrede van die karakters 'n illusie van werklikheid gee. Die verskillende ruimtelikhede in die verhaal word baie goed aangewend. Ruimte help om die gebeure en die karakters in die werk te ondersteun. Die ruimte werp baie duidelik lig op die hoofkarakter, Tlamatlamang. Sy is ontevrede in die ruimtelikheid van haar eie huis en familie omdat sy sekere dinge om verstaanbare redes moet ontbeer. Sy gaan na Thipanyane waar alles voor die wind gaan en besittings en rykdom skynbaar volop is. Wanneer sy besef dat die "ryk" mense maar eintlik baie arm is, verlaat sy hulle en loop weg. Dit gaan al slegter met haar en sy beland in die hospitaal. Sy word hier opgeneem as 'n siek, onversorgde en ondervoede mens wat baie gebrek gely het. Van hierdie allerlaagste punt in haar lewe (ruimtelikheid) betree sy weer haar eie huis en vind die dinge daar waarna sy altyd gestrewe het. Sy is nou volkome ontdaan van al haar begeertes na rykdom wat ander besit. Die uitbeelding van die verskillende ruimtelikhede gee dus op 'n besondere wyse gestalte aan die tema in die werk, naamlik "Die rondspring van die padda". Die verskillende ruimtelikheid waarin die hoofkarakter haar bevind voltooi as't ware 'n hele sirkel.

'n Degradering van ruimtelike omstandighede word aangetref vandat Tlamatlamang haar eie huis verlaat. Hier by Thipanyane en Mmamosidi sou sy maande later besef dat hulle feitlik niks besit nie, alles waarmee hulle gespog het, word deur skuldeisers teruggeneem. Hierdie nuwe ruimte kan ook nie Tlamatlamang se drang na rykdom bevredig nie. Sy is slegter af as in haar eie huis. Nadat sy Thipanyane-hulle verlaat het, voer sy vir 'n lang ruk 'n swerwersbestaan. Uiteindelik word sy in 'n hospitaal opgeneem. Sy bevind haar in 'n ruimte waar almal siek is en waar dit nie gaan om rykdom of armoede nie. Dit is ironies dat juis sy wat haar eie huis verlaat om saam met rykes te gaan woon nou in 'n hospitaal opgeneem word weens ontbering. Hier in die ruimte van die hospitaal sou sy tot die besef kom dat die wat hulself verhoog, verneder sal word. Sy het

die laagtepunt van haar lewe bereik in so 'n mate dat sy te skaam is om haar eie naam te gebruik. Haar dogter verpleeg haar hier en neem haar later na haar eie huis terug wat sy geminag het. Sy besef nou dat daar niks beter is as 'n vrou se eie huis nie;

"Mathata a botshelo a nthutile gore ga go na tulo epe e e gaisang legae le mosadi a le agetsweng ke monna wa gagwe'" (p. 86).

"Die probleme van die lewe het my geleer dat daar geen plek is wat beter is as die huis wat die man vir sy vrou gebou het nie".

Duidelike kontrasterende ruimtes ten opsigte van die huise van Ramagatlana en Thipanyane word aangetref, die huis van Thipanyane wat alles bevat wat 'n vrou se hart begeer. Alles is nuut en blink, teenoor die huis van Ramagatlana, wat eenvoudig en arm voorkom. Thipanyane en sy vrou verloor egter in 'n oogwink al hul nuwe en blink besittings. Die ruimte rondom Thipanyane en sy huisgesin degradeer so vinnig dat Tlamatlamang skielik besef dat hulle baie minder besit as wat sy in haar huis gehad het. Thipanyane beland in die tronk, die plek waar diewe en rowers is, die laagste vlak van die samelewing. Wanneer Tlamatlamang uiteindelik weer by haar huis kom, vind sy alles daar wat aan die begin ontbreek het en wat Ramagatlana met die verloop van jare binne sy finansiële vermoë aangevul het. Nou kan sy alles geniet sonder enige bekommernisse, terwyl Thipanyane en sy huisgesin van voor af sal moet begin opbou.

6.2.2.5 Taal en styl

Dit is duidelik dat Moroke in die werk 'n sekere idee of gedagte aan die leser wil oordra. Die sogenaamde moraalles word nie op die leser afgedwing nie maar is deel van die verhaal. Moroke handhaaf 'n bondige en objektiewe styl in die werk. Voorbeelde van Bybelse verwysings in die werk is die volgende:

"Ke mnete fa go twe ba ba ikgodisang ba tla kokobediwa, mme ba ba ikokobetsang ba tla godisiwa'" (p. 4).

"Dit is waar as daar gesê word, dat die wat hulself verhoog, sal verneder word, maar die wat hulself verneder, sal verhoog word.

"A re bogolo a ka bofelela lentswe le legolo la tshilo mo thamong mme a ya go itatlhela mo lekadibeng la metsi a matala, a swa" (p. 18),

Sy sê sy sal liwers 'n groot meulsteun om haar nek vasmaak en haarself gaan ingooi in die kuil se groen water en dan sterf.

"A re, 'Ga ke rate go itira Jutase, ka dumedisa motho ka seatla mme pelo ya me yona e se mo kagisong'" (p. 57).

Hy sê toe: "Ek wil nie van myself 'n Judas maak deur 'n mens met die hand te groet terwyl my hart nie vrede het nie".

Die Bybelse aanhalings is egter beperk en doen geen afbreuk aan die eenheid van die werk in die geheel nie.

(i) Woordgebruik

Net soos in sy vorige werke gebruik Moroke bywoorde en adjektiewe in sy omskrywings of beskrywings. Sy beskrywings is kompak en gekonsentreerd. Sy beskrywings pas aan by die gebeure en karakters en ondersteun die tema in die werk. Voorbeelde van treffende woordgebruik is die volgende:

"Tlamlamang o ne a solofela gore ga go na senokwane se se ka atamelang motho yo o tsamayang ka bopelokgale, a gatela kwa godimo jaaka monna" (p. 15).

"Tlamlamang het verwag dat geen rower 'n mens sal nader wat so heldhaftig stap nie".

Die dapperheid wys inteendeel op Tlamlamang se lafhartigheid deur dat sy haar huis verlaat en soos 'n dief padgee.

Mmadikeledi beskryf vir Tlamlamang soos volg:

"Mosadi, o monnye, o mokhutshwane, o moesesane mme dipuo tse di tswang mo molomong wa gago tsona ke tse dikgolo, tse di bokete" (p. 11).

"Vrou, jy is klein, jy is kort en skraal, maar die woorde wat uit jou mond kom, is groot en gewigtig".

"Letsatsi le bile la tlhaba a ntse a ratharatha ka pelo e e botlhoko" (p. 22).

Die son het toe geskyn terwyl haar hart hartseer klop.

"O tla tsoga o beile diatla mo tlhogong o lela selelo sa masetlapelo" (p. 10).

"Jy sal nog jou hande op jou kop sit en hartverskeurend huil".

(ii) Beeldgebruik

Beeldspraak word algemeen in Moroke se werke aangetref. Die beeld=spraak werk eenheid en bondigheid in die werk aan die hand. Deur die beeldspraak word die hoofkarakter sonder 'n omhaal van woorde getipeer. Deur sy beeldgebruik word die suggestiewe en simboliese aspekte in die werk versterk. Voorbeelde hiervan is die volgende:

(a) Vergelykings

"'Motho ke yo o tlhogo thata jaaka lentswe la tshilo yo', go bua Mmadikeledi" (p. 7).

"Hierdie mens is 'n hardekop soos 'n meulsteen", sê Mmadikeledi.

Die vergelyking tipeer Tlamatlamang duidelik as 'n hardkoppige persoon.

"'Ke mosesane jaaka tshoswane'" (p. 8).

"Ek is so skraal soos 'n mier".

Dit dui op Tlamatlamang se ontevredenheid en egoïsme.

"...'ke sokologele gae jaaka mosimane wa timelo yo go tweng o ne a boela gae a nkga monko wa dikolobe'" (p. 21-2).

"... dat ek terugdraai huis toe soos die verlore seun wat huis toe gegaan het terwyl hy gestink het soos die varke".

Die vergelyking dui daarop dat Tlamatlamang net soos die verlore seun met leë hande en met berou sou terugkeer na haar familie.

"Monna wa kgatleng ena o ne a ntse a sutsa jaaka pitsa ya mosoko e sumetswe" (p. 56).

Die man van die Kgatla-stam het geblaas soos 'n pot pap wat kook – Hy was baie kwaad.

Thipanyane se woorde word hier raak uitgedruk.

(b) Personifikasie

"Meruti ya ditlhare le ya dikago e ne e ntse e otlologa, e apesa lefatshe ka kobo e tsididi ya bosigo..." (p. 6).

Die skadus van die bome en die geboue het lank geword en die aarde met die koue swart nagkombers oordek ...

"Dinaledi di ne di bipile difatlhego tsa tsona ka fa morago ga maru" (p. 15).

Die sterre het hul gesigte agter die wolke versteek.

(c) Metafoor

Die werk se naam is 'n goeie voorbeeld van metaforiese beeldgebruik naamlik:

KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA, – *Rykdom is 'n padda dit spring weg.*

(iii) Spreekwoorde

Die spreekwoorde in die werk dui op die tema en versterk dit.

Die spreekwoord tipeer ook die karakter in die gebeure. Heelwat

spreekwoorde word dwarsdeur die werk aangetref:

"'Motho ke motho ka batho ba bangwe'" (p. 5).

"'n Mens is 'n mens deur ander mense".

Die spreekwoord dui nie alleen op Tlamlamang se persoonlikheid nie maar bevat 'n alledaagse waarheid, naamlik dat 'n mens 'n mens is deur ander mense.

"... 'batho ga ba lekane e se meno'" (p. 13).

"Mense is nie eenders nie, hulle is nie tande nie" - Mense verskil van mekaar.

"'Ba ba ikgodisang ba tla kokobediwa'" (p. 54).

"Die wat hulself verhoog, sal verneder word"

"'Loso ga le ke lo tlogela kgomo lo tsaya motho'" (p. 68).

"Die dood los nie 'n bees en dan neem dit 'n mens nie" - Die dood kies sy slagoffer soos hy wil.

Al bogenoemde spreekwoorde slaan duidelik op die tema en die hoofkarakter in die werk.

(iv) Idioom

Net soos die spreekwoord kan die funksionele gebruik van die idioom baie tot die kwaliteit van 'n taalkunswerk bydra. Vir die gepaste idioom is daar geen plaasvervanger nie en spreek dit baie duideliker as die algemene taalgebruik. Moroke gebruik tipiese Tswana-idioome:

"Thipanyane o ne a fela pelo..." (p. 30).

Thipanyane se hart het klaar geraak - Hy het ongeduldig geraak.

"Beta pelo, kgadi'" (p. 34).

"Hou moed, vrou".

"... sa ruthagana fa fatshe ka mpa ya sebeta, sa swa" (p. 45).

... dit val toe plat met die maag van die lewer en sterf -
Om plat op die maag te val.

"A rata go tšhotlhela kobo le leswe" (p. 44).

Hy wil die vuilheid in die kombers wegsteek - Hy wou dadelik stappe
geneem het.

(v) Sinsgebruik

Moroke gebruik meesal kort en bondige sinne. Lang en lomp sinsgebruik word selde aangetref. Voorbeelde van gepaste sinsgebruik is die volgende:

"A ema ka dinao, a itshwara dinoka, a sonya nko a re: 'Mpotse
pele gore ke tswa kae'" (p. 6).

Sy staan toe op haar voete, sy vat haar heupe vas, sy trek
haar neus op en sê: "Vra my eers waarvandaan ek kom?"

Hierdie sin is 'n raak tipering van Tlamatlamang as rusiemaker en
hardkoppige mens.

Die volgende woorde van Mamosidi tipeer die hele familie se lewenshouding:

"E tla re fa batho ba mo Ebatone mo ba botsa gore Tsholofelo
o kae, ra ba tshasa ka mafura'" (p. 25).

"En as die mense hier in Ebatone vra waar Tsholofelo is
dan sal ons hulle met die vet smeer" - Ons sal vir hulle leuens
vertel.

Die sin dui op al die bedrog wat hulle besig is om te pleeg. Moroke

beskryf Tsholofelo se blydschap pragtig met die volgende aanhaling:
"Ditlhaa di ne di leleka ditsebe" (p. 27).

Die kakebene het die ore verdryf – Om baie groot te glimlag.
 Sy het so geglimlag dat haar glimlag tot by haar ore gestrek het.
 'n Verdere voorbeeld van raak sinsgebruik is die volgende:

*"A re, 'ke rata gore e re fa letsatsi le tlhaba, Rameru a bo
 a setse a mpeile mo leseding'"* (p. 45).

*Hy sê toe: "Ek wil hê dat as die son opkom Rameru my reeds
 die waarheid vertel het".*

Thipanyane wil die waarheid aangaande sy dogter by Rameru weet.

Moroke handhaaf 'n vloeiende styl in die werk. Hy bewerkstellig 'n baie goeie integrasie tussen sy kwalitatiewe boustene en maak effektief van dialoog gebruik.

6.2.2.6 Tema

Die tema in die werk is – dit wat jy saai, sal jy maai. Moroke gebruik die karakter Tlamatlamang om aan die tema gestalte te gee. Tlamatlamang wat rykdom ten alle koste wou besit, sou uitvind dat die rykdom wat sy nagejaag het, soos 'n padda uit haar hande sou spring:

"Khumo segwagwa e a pharuma". Sy is later nie net baie arm nie maar word siek en word in 'n hospitaal opgeneem. Sy wat te hoogmoedig was vir haar eie familie sou hulle later om vergewing gaan vra vir haar gedrag. Op die harde manier sou sy leer dat die een wat homself verhoog, verneder sal word: *"Baikgodisi ba a kokobediwa"* (p. 54). Sy sou ook leer dat mense nie almal eenders is nie: *"Batho ga ba lekane e se meno"* (p. 13). Thipanyane se rykdom en besittings word in een dag van hom weggeneem en hyself beland in die tronk. Hulle wat hulself hoër geag het as ander, besit nou selfs minder as die armes. Deur hulle eie optredes het hul hulself verneder.

Dwarsdeur die werk word die tema deur temaverwysings versterk. Die naam van die werk: *KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA* is in die eerste plek tematies. In sommige hoofstukopskrifte word die tema herhaal.

Hoofstuk Een: *"Batho ga ba lekane e se meno" - Mense is nie tande nie hulle verskil.*

Hoofstuk Vier: *"Baikgodisi ba a kokobediwa" - Die wat hulself verhoog, sal verneder word.*

Hoofstuk Agt: *"Motho o roba se a se jwetseng" - Die mens sal maai dit wat hy gesaai het.*

Voorbeelde van temaverwysings in die werk is die volgende:

"'Jaaka segwagwa se pharumela mo kgamelong e tletse maswi'" (p. 12).

"Soos 'n padda wat in 'n emmer vol melk spring".

"'Ke nnete fa go twe ba ba ikogodisang ba tla kokobediwa, mme ba ba ikokobetsang ba tla godisiwa'" (p. 4).

"Regtig, dit is so dat die wat hulself verhoog, sal verneder word, en die wat hulself verneder, sal verhoog word.

"O ne a rata go itsalanya le batho ba ba humileng mme a nyatsa ba ba sa itsholeletsang kwa godimo" (p. 18).

Sy het daarvan gehou om haar te bevriend met die rykes, terwyl sy die armes verag het.

Met die tema wys Moroke dat elke mens tot verantwoording geroep word vir sy daad. Hy waarsku sy mense om binne hulle geldelike vermoëns te lewe en nie hoër te wil vlieg as wat hul vlerke toelaat nie. Hy wys op die feit dat mense nie almal eenders is nie. Hy lê klem op die hoogmoed by mense wat baie keer gepaard gaan met eise waaraan nie voldoen kan word nie. Dan sal hulle maai wat hulle gesaai het, soos in Tlamatlamang se geval.

Moroke gebruik hier 'n tema wat vandag miskien meer as in enige ander tyd tot baie sosiale en maatskaplike probleme lei. Moroke het seker van die problematiek van sy eie mense bewus geword en rig nou 'n waarskuwing. Die tema in die werk word baie goed ondersteun deur die gebeure en karakters in die werk. Dit is duidelik dat die tema in die werk geslaagd is.

HOOFSTUK 7

'N EVALUERING VAN S.A. MOROKE SE NOVELLES

In die hoofstuk word 'n evaluering van Moroke se vyf novelles gegee. In Hoofstuk Vyf en Ses is elke werk individueel bespreek. Om 'n algemene evaluering van sy vyf novelles te gee, is dit dus noodsaaklik dat dit sinopties bespreek sal word. Die bevindings in die hoofstuk is gegrond op dit wat in Hoofstuk Vyf en Ses gevind is. Die komparatiewe en literêr-historiese benadering wat hier gevolg word, sal slegs geld ten opsigte van elk van die volgende aspekte:

7.1 Die gebeure.

7.2 Die karakters.

7.3 Die tyd-ruimte.

7.4 Die taal en styl.

7.5 Die tema.

7.1 Gebeure

In al vyf Moroke se novelles val die klem op die gebeure, wat duidelik voortspruit uit die epiese strekking van sy werke. Sy werke handel oor die alledaagse gebeure met mense in een of ander sosiale verband. Dit het hier te make met die normatiewiteit van die samelewing. Die gebeure in al die werke vertoon 'n duidelike kringloop, dit wil sê een uitgewerkte beweging waarin die hoofkarakter 'n ingrypende verandering ondergaan as gevolg van die "deus ex machina" in die gebeure. Dit is slegs in LONAKA LWA MAFURA A MANTSHO en LEHUFU LE LWA LE THUTO waar die gebeureverloop verskil. Die kringloop van gebeure word egter hier ook duidelik aangetref. In meeste van die werke word die gebeure chronologies aan die leser oorgedra en baie min word aan sy verbeelding oorgelaat. Die

gebeure word dus eksplisiet aan die leser verhaal. In BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE word die gebeure egter baie meer geïntegreer en word die chronologie verbreek. Die skrywer laat heelwat meer aan die leser se eie oordeel oor. Dit is eers aan die einde van die werk dat die leser perspektief op die gebeure verkry. Moepamere se agtergrond en omstandighede word dan eers duidelik.

Die integrasie van gebeure in BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE is baie beter as in sy eerste drie novelles SEPHAPHATI, LONAKA LWA MAFURA A MANTSHO en LEHUFA LE LWA LE THUTO. Heelwat onnodige en onbelangrike gebeure word in sommige van sy novelles aangetref, veral wat sy eerste drie novelles betref. Baie van die oorbodige gebeure is slegs ter wille van lengte en verbreek sodoende die gang en kontinuïteit in die werke. Hierdie onnodige gebeure werk nie net verveling aan die hand nie maar dit verbreek ook die spanning. In sy laaste twee novelles, naamlik: BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE en KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA is die gebeure baie meer geïntegreerd en temagebonde en verleen dit 'n groter mate van bondigheid en eenheid aan die werke.

'n Verdere duidelike ooreenkoms tussen die verskillende werke wat na vore tree, is die verloop van die gebeure ten opsigte van die hoofkarakter. Hier is 'n duidelike patroonmatigheid ten opsigte van die gebeureverloop in die werke. Die gebeure aan die begin van die werk is gewoonlik ongunstig en negatief vir die hoofkarakter. Die ongunstige gebeure bereik die kulminasiepunt met die "deus ex machina" in die werk. Hierna volg 'n ommekeer in gebeure wat dan al meer en meer gunstig vir die hoofkarakter verloop.

Oor die algemeen is die gebeure in die werke goed, alhoewel daar veral in die eerste drie novelles van Moroke te veel additiewe gebeure aangetref word wat die eenheid van die werke skaad.

7.2 Karakters

Die hoofkarakters in al vyf die novelles is ondergeskik aan die gebeure. Die karakters word deur die skrywer gebruik om die bepaalde idee of problematiek in die werk uit te lig. Omdat volledige karakterontwikkeling nie in die novelle aangetref word nie, is daar hier ook nie sprake

van so 'n ontwikkeling nie. In sy eerste drie novelles word die hoofkarakters baie eksplisiet geteken. Die skrywer teken die hoofkarakter so dat weinig of geen selfopenbaring plaasvind nie. Feitlik die enigste verskil tussen hoofkarakter en newekarakters is die feit dat die hoofkarakter altyd sentraal is. In sy laaste twee werke, BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE en KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA breek die skrywer egter weg van sy eksplisiete karaktertekening en word die karakter baie meer implisiet geteken. Die leser word meer bewus van 'n dinamiese karakter wat sekere innerlike sowel as uiterlike ontwikkeling vertoon, al is dit beperk tot twee of drie bepaalde karaktertrekke van so 'n karakter. In die dialoog word bepaalde emosies en karaktertrekke duidelik gesugger.

Al die ander karakters in die werke is slegs statiese karakters wat die hoofkarakter ondersteun of uitlig. Die karakters is gewoonlik net goed of net sleg, teenoor die hoofkarakter by wie daar gewoonlik 'n periopetie plaasvind.

Die hoofkarakters van al vyf werke vertoon sekere ooreenkomste ten opsigte van hul optredes, naamlik:

- (i) Die goed opgevoede karakter wat in sonde verval en degradeer en dan uiteindelik tot inkeer kom.
- (ii) Die goeie persoon wat baie probleme en moeilikhede het en dan deur 'n volgehoue vertrouwe en vasberadenheid al die probleme oorkom.

Die karakters se name speel 'n belangrike rol in die karaktertipering in die werk. In elk van die hoofkarakters se name lê daar 'n sekere betekenis opgesluit wat verband hou met die gebeure en die tema in die werk. Lonaka beteken horing en dui op die uiteindelijke geluk wat hy sou beleef. Mmamailwa beteken die een wat gehaat word. Sy sou uiteindelik die ja-loesie oorwin. Moepanere beteken die medisynegrawer, dit wil sê die soeker na die goeie. Hy sou laat in sy lewe wel die goeie ontdek. Tlamatlamang beteken om styf vas te hou dit wil sê sy klou vas aan haar begeerte na rykdom. So word feitlik elke karakter in die werke duidelik in hulle name getipeer.

Dit is dus duidelik dat wat die eerste drie werke betref hier nie sprake van goeie karaktertekening is nie. Die karakters onthul hulself nie maar word eksplisiet geteken. Dit wil soms voorkom asof die karakter 'n geforseerde rol vertolk in die werk.

In die laaste twee werke word heelwat meer karakterontwikkeling en selfopenbaring aangetref. Deur die dialoog word die innerlike sowel as die uiterlike emosies van die karakters duidelik gesuggereer. Die karakters tree baie meer dinamies op as by die eerste drie werke. Die ontwikkeling hier geskied egter meer momenteel as wat van 'n langdurige ontwikkeling in die loop van die werk gepraat kan word.

Literêr-histories gesien is dit duidelik dat Moroke se vyf werke 'n progressiewe ontwikkeling vertoon ten opsigte van karaktertekening.

7.3 Tyd-ruimte

Die lewe van die mens is onafskeidbaar aan tyd en ruimte gekoppel. In al vyf die werke gaan dit oor die lewe van 'n persoon wat afspeel op 'n bepaalde plek en op 'n bepaalde tyd. Moroke maak baie gebruik van implisiete sowel as eksplisiete tyd- en ruimteverwysings. Dit is asof die skrywer die leser altyd midde-in die tyd en ruimte wil plaas waar die gebeure plaasvind. Interessant is dit dat in Moroke se eerste drie werke SEPHAPHATI, LONAKA LWA MAFURA A MANTSHO en LEHUFA LE LWA LE THUTO die tyd en ruimte baie nou saamhang met geskiedkundige gebeure. In elk van die drie werke begin die gebeure altyd op 'n bepaalde tyd in 'n sekere dorp op die walle van een of ander rivier. Die regte naam van die dorp word in al drie gevalle verswyg.

Deur die bepaalde aanwending van die tyd probeer die skrywer om spanning in die werk te bewerkstellig. Duidelike voorbeelde van die tyd wat besig is om uit te loop, die sogenaamde uurglastyd, word in BOŠA GO GANET= SANA LE BOTSŌFE en KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA aangetref. Vir elke karakter kom daar 'n bepaalde tyd waarin hy 'n peripetie sal moet maak, of breek die tyd van geluk eindelik aan. Die tyd en ruimte loop hand aan hand met die gebeure en karakters in die werk. 'n Goeie voorbeeld hiervan word in KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA aangetref, waar die tyd en ruim=

te persoonlikheidseienskappe aanneem deur net soos Tlamatlamang te word. Wanneer sy haar huis verlaat, is dit reeds laat, dit is donker en koud, selfs die sterre en maan verberg hulle gesigte agter die wolke. Sy is self 'n koue en onpersoonlike mens en haar weë is duister.

Die ruimte in feitlik al die werke vertoon net soos die gebeure 'n duidelike kringloop. Die hoofkarakter verlaat gewoonlik sy eie huis of tuisdorp, gaan na die vreemde om dan na verloop van tyd weer terug te keer na hierdie ruimte van sy huis of tuisdorp wat geminag is. Die skrywer maak gebruik van die terugflits- en toekomsbliktegniek. Hierdeur word die leser soms teruggedwing in die verlede of skep dit soms 'n sekere toekomsverwagting.

Moroke handhaaf 'n pragtige integrasie tussen die tyd, ruimte, gebeure en karakters in die werk. Die tyd-ruimte in al die werke en veral dan in BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE en KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA word baie effektief aangewend om eenheid en struktuur aan die werke te gee. Die tyd-ruimte is een van die uitstaande kwalitatiewe boustene in Moroke se werke.

7.4 Taal en styl

Skrywers word gekenmerk aan 'n bepaalde stilistiese eienskappe in hulle werke. Dit geld nie net ten opsigte van die prosa nie maar ook ten opsigte van die poësie in die drama. Styl slaan nie net op die bepaalde woord- en sinsgebruik van 'n skrywer nie, maar styl het te doen met die manier waarop die skrywer al die kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe boustene in sy werk hanteer. Styl het te make met die werk as geheel.

Moroke word deur baie kritici geklassifiseer as 'n moraalskrywer. Die sogenaamde morele aspek is een van die kenmerke van sy styl wat baie duidelik uitstaan. In al vyf die bespreekte novelles word spore van sy moraliserende styl baie duidelik aangetref. Talle Bybelse aanhalings en verwysings word dwarsdeur sy werke aangetref. Daar word egter 'n duidelike afname van Bybelse verwysings in sy latere werke waargeneem.

Moroke handhaaf 'n beskrywende en omskrywende styl. In die eerste drie werke: SEPHAPHATI, LONAKA LWA MAFURA A MANTSHO en LEHUFA LE LWA LE THUTO word hy gekenmerk deur 'n subjektiewe en langdradige styl. Moroke se subjektiewe betrokkenheid is duidelik in die werke te bespeur en die onnodige lank en lomp beskrywings doen afbreuk aan die eenheid en verbreek die gang in die verhaal. Hierdeur word die leser se belangstelling en konsentrasie verbreek. Alhoewel gekenmerk deur onnodige en lang omskrywings gebruik Moroke oor die algemeen kort en bondige sinne in sy werke.

BOŠA BOGANETSANA LE BOTŠOFE lei 'n nuwe tydvak in Moroke se styl in. Hier is 'n duidelike verandering ten opsigte van sy styl te bespeur. Moroke doen weg met sy opsigtelike subjektiewe styl en in die werk word 'n meer objektiewe styl aangetref. Sy woordgebruik is meer gekonsentreerd, kompak en suggestief.

Sy styl is nou baie meer gekonsentreerd en temagebonde. Karakter, tyd, ruimte en gebeure word in die laaste twee werke baie beter geïntegreer. Hier is geen additiewe gebeure nie en die bepaalde idee wat die skrywer wil tuisbring word nie op die leser afgedwing soos in sy eerste drie werke nie.

Wat styl betref, het Moroke dus 'n duidelike progressie vertoon en dan veral ten opsigte van die laaste twee werke. Die styl in die werke kan as goed bestempel word.

7.5 Tema

Die temas in Moroke se werke handel oor een of ander alledaagse waarheid. Wanneer na die temas in die verskillende werke gekyk word is dit duidelik dat Moroke deur die temas 'n bepaalde idee of problematiek vir die leser wil uitlig. Vergelyk die temas in elk van sy werke:

SEPHAPHATI - die verloreseunmotief of die probleem van ontvolking van die platteland

LONAKA LWA MAFURA A MANTSHO - die mens moet nooit moed verloor nie al gebeur ook wat.

LEHUFA LE LWA LE THUTO - die jaloesie wat teen die geleerdheid stry.

BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE - vir alles is daar 'n bepaalde tyd in die lewe.

KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA - dit wat die mens saai, sal hy maai.

Die skrywer gebruik die karakters in sy werk om aan die bepaalde tema in die werk gestalte te gee. Hy versterk die tema in die werk deur die gebruikmaking van bepaalde temaverwysings, onder andere deur beeldspraak, spreekwoorde en idioome. In sommige van die hoofstukopskrifte word temaverwysings aangetref asook in die name van die werke. Vergelyk die volgende:

BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE - hier word reeds iets van tyd in die naam van die werk gesuggereer.

Dieselfde geld in die name van LEHUFA LE LWA LE THUTO en LONAKA LWA MAFURA A MANTSHO.

Sommige name van die hoofkarakters versterk ook die tema in die werk. Vergelyk die volgende name:

Mmamailwa in LEHUFA LE LWA LE THUTO haar naam dui reeds op die stryd wat plaasvind.

Tlamatlamang in KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA dui reeds op haar intense begeerte om vas te klou aan die rykdom waarna sy so hunker.

In sy eerste drie werke is dit duidelik dat Moroke 'n vooropgestelde morele les aan die leser wil tuisbring. Hierdie algemene waarheid word baie subjektief aan die leser gebring. In die laaste twee werke word die tema egter deur die werk self aan die leser geopenbaar en nie subjektief deur die skrywer self nie. Die tema word as'tware deur die bepaalde gebeure en karakter aan die leser geopenbaar.

Oor die algemeen hanteer Moroke sy temas in die werke baie goed, veral ten opsigte van sy laaste twee werke naamlik BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE en KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA. Hy skryf baie meer temagebonde en gekonsentreerd. Deur die bepaalde integrasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe boustene word die tema dwarsdeur die werke baie goed ondersteun.

As daar 'n algemene waardebeoordeling van Moroke se vyf novelles gemaak word, is dit duidelik waarom sy werk BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE 'n tweedeplek tydens die Republikeinse Romankompetisie van 1966 behaal het. BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE is by verre Moroke se beste van die vyf bespreekte werke. Tweede sou KHUMO SEGWAGWA E A PHARUMA geplaas kon word, waarna die ander drie werke volg en waarvan LONAKA LWA MAFURA A MANTSHO as die beste van die drie beskou kon word. Komparatief gesien het die werke dus vanaf sy eerste tot en met sy laaste werk 'n geweldige kwalitatiewe progressie ondergaan.

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING

Uit die studie het dit duidelik geword dat by die beoordeling van 'n taalkunswerk daar sekere universele norme en standaarde is waaraan 'n bepaalde taalkunswerk moet beantwoord. Elke werk moet dus by waardering getoets word aan 'n sekere stel kwalitatiewe en kwantitatiewe kenmerke wat universeel is vir alle tale. Die bewering deur kritici dat 'n taalkunswerk beter beoordeel of waardeur kan word deur 'n persoon wat dieselfde moedertaal en kultuur besit as die betrokke skrywer is nie wetenskaplik gefundeer nie. Ten eerste is dit vanselfsprekend dat by enige waardering van 'n taalkunswerk die taal in die werk vir die betrokke kritikus toeganklik moet wees. Tweedens sal hy 'n baie goeie kennis moet besit van die algemene vereistes wat van belang is by die beoordeling van so 'n werk. Soos reeds in Hoofstuk Een aangetoon, kan daar sekere miniatuurverskille ten opsigte van elke volksgroep se letterkunde voorkom maar dit is duidelik dat die verskille geen wesentlike invloed sal hê by die beoordeling van so 'n werk nie.

'n Tweede aspek wat duidelik na vore gekom het was die problematiek rondom die term "novelle" en om 'n waterdigte definisie daarvan te gee. Eerstens is dit baie duidelik dat die novelle jare reeds 'n gevestigde subvorm van die prosa is en sy plek net so in die Bantoetale volstaan. Om 'n eksakte en waterdigte definisie van die novelle te gee, bly nog steeds 'n turksvy. Hier sal egter volstaan word met die volgende definisie van die novelle:

Die novelle handel oor een sentrale gebeurtenis, een uitgewerkte beweging waarin een hoofkarakter optree wat as gevolg van die "deus ex machina" (buitengewone gebeurtenis) 'n ingrypende karakterverandering ondergaan. Deur die hoofkarakter word 'n bepaalde eienskap of problematiek van alledaagse omvang van dié karakter of van 'n bepaalde gemeenskap toegelig of uitgelig. Intense tyd-ruimteomskrywings word nie in die novelle aangetref nie. Wat lengte betref, lê die novelle gewoonlik tussen die roman

en die kortverhaal.

Psigologies gesien is dit duidelik dat Moroke se beroepslewe en agtergrond 'n blywende invloed op die styl in sy werke gehad het. Dit is baie duidelik dat Moroke se predikantskap bewustelik of onbewustelik 'n duidelike herkenbare stempel op sy werke afgedruk het. In al vyf die werke kom sy moralistiese styl baie duidelik na vore deur talle Bybelse aanhalings en verwysings. Die belangrikste aspek hier is egter nie of die skrywer 'n bepaalde moralistiese siening in sy werk handhaaf nie, maar wel hoe hy die bepaalde les tot uiting in sy werk bring. Besit sy werk 'n vooropgestelde moraal of word die moraal duidelik deur die hele integrasie in die werk na vore gebring?

'n Laaste aspek wat na vore getree het by die waardering van Moroke se werke ten opsigte van die kwalitatiewe boustene in Hoofstuk Ses, is die feit dat al die werke baie nader aan die novelle lê as die roman. Die werke beantwoord baie goed aan die vereistes wat aan die novelle gestel word. Dat die werke eienskappe besit wat ook by die roman tuis hoort, is gewis so, maar dit is egter minimaal. Dit blyk dat Moroke binne die raamwerk van die roman novelles geskryf het. Voorbeelde hiervan is duidelik te bespeur in veral die additiewe en nie-relevante gebeure, die onnodige aantal karakters en langdradige omskrywings ten einde aan die lengte te voldoen. In Hoofstuk Sewe is 'n objektiewe waardering van Moroke se novelles gedoen waar dit duidelik geblyk het dat BOŠA BO GANETSANA LE BOTŠOFE verreweg die beste van die vyf novelles is.

SUMMARY

THE NOVELETTES BY S.A. MOROKÉ; A LITERARY APPRECIATION

9.1 Aim:

The aim of this study has been to produce a literary appreciation of five of S.A. Moroke's novelettes, with due reference to the problems surrounding the term 'novelette' and the recognition thereof as a sub-form of prose in the Bantu languages.

9.2 Method

Upon the present little has been said about the novelette as sub-form of prose in the Bantu literature. In the preceding chapters an effort has been made to find clarity within the 'confusion' that exists around the term 'novelette' and the formulation of a general overall definition of the novelette has been attempted. After certain general characteristics had been ascertained by means of which the novelette may be distinguished from other sub-forms of prose, the five novelettes written by S.A. Moroke were discussed. Each of these works has been analyzed in respect of the following qualitative and quantative elements, viz:

- (i) events;
- (ii) characters;
- (iii) time;
- (iv) space;
- (v) language and style;
- (vi) theme.

These separate appreciations were then followed by a comparative evolution on literary-historical grounds.

9.3 Conclusion:

The conclusions drawn in the above study are the following:

- (i) that the novelette, like any other sub-form of prose, possesses distinct characteristics and that these are also to be discerned in Tswana prose;
- (ii) that the author's background can have a marked influence on his work;
- (iii) that in any method of approach adopted in reviewing a literary work of art, the work itself should at all times remain prime and central;
- (iv) that there are certain universal norms with which all literary works of art must comply;
- (v) that Moroke's works may be classified as novelettes and that "Boša bo ganetsana le botšofe" is the best by far of the works that have been received.

BIBLIOGRAFIE

- ABRAMS, M.H. 1965. A glossary of literary terms. New York, Holt, Rinehart and Winston. 105p.
- AINSLEY, A.D. 1970. Problems in literary criticism. LIMI 10:1-7.
- ANDERSON, R.A. & EKARD, R. 1977. Lexicon of literary terms. New York, Monarch Press. 143p.
- ANON, 1952. Novelle. (*In* Winkler Prins Encyclopaedie, 14:621-2).
- ANON, 1961. Novella. (*In* The Universal World Reference Encyclopedia, 10:3594-5).
- ANON, 1977. Novelle. (*In* Grote Nederlandse Larousse Encyclopedie, 17:408).
- BARNHART, C.L. 1956. The new century handbook of English literature. New York, Appleton-century crofts. 1167p.
- BECKSON, K.E. & GANZ, A. 1961. A readers guide to literary terms. London, Thomas and Hudson, 244p.
- BENNET, E.K. 1965. A history of the German Novelle. Cambridge, University Press. 315p.
- BURGESS, A. 1974. Novel. (*In* Encyclopaedia Britannica - Macropaedia, 13:276-99).
- CAMERON, S.M. 1977. Ongepubliseerde klasaantekeninge. P.U. vir C.H.O.
- CLOETE, T.T. 1977. Ongepubliseerde klasaantekeninge. P.U. vir C.H.O.
- CLOETE, T.T. 1981. Persoonlike gesprekke. P.U. vir C.H.O.
- COX, R.D. & LEWIS, S. 1974. The student critic. Cambridge, Winthrop Publishers. 211p.
- CRANE, R.S. 1971. Critical and historical principles of literary history. Chicago, The University of Chicago Press. 112p.
- CUDDEN, J.A. 1977. A dictionary of literary terms. London, Deutsch. 745p.
- CULLER, J. 1965. Structuralist poetics; structuralism, linguistics and the study of literature. London, Routledge & Paul. 301p.
- EGGELING, H.F. 1932. Modern German short stories. London, Oxford University Press. 160p.
- ENGEL, E.J. 1965. German narrative prose; vol. 1. London, Oswald Wolff. 352p.

- EVANS, I.H. 1975. *Brewer's dictionary of phrase and fable*. London, Cassell. 1175p.
- FORSTER, E.M. 1928. *Aspects of the novel*. London, Arnold. 224p.
- GILDENHUYS, J.G. 1973. 'n Kritiese ontleding van die aard en ontwikkeling van die novelle in Suid-Sotho. Bloemfontein, Proefskrif, U.O.V.S. 280p.
- GILLESPIE, G. 1967. Novella, nouvelle, novella, short novel? A review of terms. *Neophilologus* LI: 117-27 en 225-30.
- GOODMAN, P. 1968. *The structure of literature*; 4th ed. Chicago, University of Chicago Press. 280p.
- GOWIE, A. 1967. Novel. (*In World Book Encyclopedia*, 14: 442-46).
- GROENEWALD, P.S. 1976. Die ontwikkeling van die Noord-Sothoverhaalkuns. *Studies in Bantoetale*, 3(1):1-12.
- GROENEWALD, P.S. 1976. Die moraalstorie. *Studies in Bantoetale*, 3(1):13-38.
- GROVÉ, A.P. 1976. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*; 3de dr. Kaapstad, Nasionale Opvoedkundige Uitgewery. 121p.
- GUÉRARD, A. 1970. *Literature and society*. New York, Cooper Square Publishers. 451p.
- HAINES, H.E. 1946. *What's in a novel*; 3rd ed. New York, Columbia University Press. 283p.
- HALPERIN, J. 1974. *The theory of the novel; new essays*. New York, Oxford University Press. 396p.
- HERZBERG, M.J. 1964. *The readers encyclopedia of American literature*. New York, Thoman Y. Crowell. 1280p.
- HOLMAN, C.H. 1972. *A handbook to literature*; 3rd ed. Indianapolis, Odessey Press. 646p.
- HUDSON, H.W. 1919. *An introduction to the study of literature*; 2nd ed. London, Harrap. 471p.
- LEIBOWITZ, J. 1974. *Narrative purpose in the novella*. The Hague, Mouton. 137p.
- LoCICERO, D. 1970. *Novellentheorie*. The Hague, Mouton. 120p.
- LOUW, N.P. v. W. 1958. *'n Wêreld deur glas*. Kaapstad, Nasionale Boekhandel. 123p.
- LUKAC'S, G. 1971. *The theory of the novel*. London, Merlin Press. 160p.

- MALOPE, R.M. 1977. Tshekatsheko-Tsenelelo ya dipadi tsa ntlha tse tlhano tsa ga D.P.S. Monyaïse. Universiteit van die Noorde, M.A. verhandelings. 253p.
- MOLOI, A.J.M. 1973. The Southern Sotho novel; a study of its form, theme and expression. Universiteit van die Noorde, Doktersproefskrif. 242p.
- MOROKE, S.A. 1959. Sephaphati; 2nd impression. Kaapstad, Via Afrika Publishers. 136p.
- MOROKE, S.A. 1960. Lonaka lwa mafura a mantsho. Bloemfontein, Via Afrika Publishers. 67p.
- MOROKE, S.A. 1962. Lehufa le lwa le thuto. Bloemfontein, Via Afrika Publishers. 90p.
- MOROKE, S.A. 1968. Boša bo ganetsana le botšofe. Johannesburg, Bona Press. 88p.
- MOROKE, S.A. 1971. Khumo segwagwa e a pharuma. Johannesburg, Educuum Publishers. 86p.
- MUIR, E. 1979. The structure of the novel. London, Chatto & Windus. 151p.
- NIENABER-LUITINGH, M. 1974. Woordkuns. Inleiding tot die literatuurstudie. Pretoria. J.L. van Schaik. 203p.
- POELHEKKE, M.A.P.C. 1926. Woordkunst. Den Haag, J.B. Wolters U.M. 171p.
- POTGIETER, S.F. 1971. Hennie Aucamp se kortkuns. P.U. vir C.H.O. M.A. verhandelings. 304p.
- RYDER, F.G. 1971. Die Novelle. San Francisco, Rinehart Press. 508p.
- SCHOONEES, P.C. & VAN BRUGGEN, J.R.L. 1937. Inleiding tot die studie van letterkunde. Kaapstad. H.A.U.M. 306p.
- SCHUTTE, P.J. 1969. Sendingdrukperse in Suid-Afrika 1800-1875. Potchefstroom, Pro Rege. 377p.
- SCOTT, A.F. 1965. Current literary terms. London. MacMillan. 324p.
- SHAW, H. 1972. Dictionary of literary terms. New York, McGraw-Hill. 402p.
- SHIPLEY, J.T. 1943. Dictionary of world literature. New York, Philosophical Library. 633p.
- SHIPLEY, J.T. 1966. Dictionary of world literature; revised ed. New Jersey, Littlefield, Adams & Co. 452p.

- STEYN, J.L. 1965. Die doel van literatuurstudie. (*In Univ. v. S.A. mededelings B24. Die doel van literatuurstudie/The purpose of studying literature, pp. 13-9*).
- VAN DEN BERG, B.H.J. Persoonlike gesprekke. P.U. vir C.H.O.
- VAN ROUENDAL, F.J. & DU TOIT, H.A. s.j. Nuwe Afrikaanse stylleer met styloefeninge; 2de dr. Kaapstad, Juta. 218p.
- WAIDSON, H.M. 1957. German short Stories. Cambridge, University Press. 104p.
- WELLEK, R. & WARREN, A. 1973. Theory of literature. New York, Penguin Books. 374p.